IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA /ES

(GAUTENG AFDELING, PRETORIA)

| HAAL DEUR WAT NIE VAN TOEPASSING IS NIE | |
| --- | --- |
| (1) RAPPORTEERBAAR: ~~JA~~ / NEE | |
| (2) VAN BELANG VIR ANDER REGTERS: ~~JA~~ / NEE | |
| (3) HERSIEN ✓ | |
| 24/2/15 | [signature] |
| DATUM | HANDTEKENING |

SAAK NO: 1282/2013

DATUM: 26/2/15

IN DIE SAAK TUSSEN

| | |
| --- | --- |
| WILHELM FRIEDRICH RATTE | 1STE EISER |
| PETRUS HERMANUS VISSER | 2DE EISER |
| WESLEY BORNMAN | 3DE EISER |
| CORNÈ DE BEER | 4DE EISER |
| CHRISTOPHER RIAAN MEYER | 5DE EISER |
| EN | |
| MINISTER VAN POLISIE | VERWEERDER |

---

UITSPRAAK

PRINSLOO, R

[1] Die vyf eisers prosedeer onder dieselfde saaknommer en elkeen het 'n eis teen die verweerder ingestel vir skadevergoeding op grond van beweerde onwettige deursoeking, arrestasie, aanhouding en vervolging.

[2] Al die eise, insluitende die *quantum* daarvan, is in geskil.

[3] Voor my, het mnr Prinsloo SC vir die eisers verskyn en mnr Coetzee, bygestaan deur me Botma, vir die verweerder.

<u>'n Paar notas oor die pleitstukke</u>

[4] Die bedrae wat gevorder word is die volgende:

(i) Die eerste eiser vorder R960 000,00 algemene skadevergoeding vir onregmatige inhegtenisneming en aanhouding, R100 000,00 algemene skadevergoeding vir kwaadwillige vervolging en R49 181,04 as spesiale skadevergoeding voortspruitend uit die beweerde kwaadwillige vervolging en die skadevergoeding bestaan uit beweerde redelike en billike regskoste. Die totale eis van die eerste eiser beloop R1 109 181,04.

(ii) Die tweede, derde, vierde en vyfde eisers vorder elk dieselfde bedrag naamlik R10 000,00 skadevergoeding vir onregmatige deursoeking, R450 000,00 vir onregmatige inhegtenisneming en aanhouding, R100 000,00 vir kwaadwillige vervolging en ook R49 181,04 vir spesiale skadevergoeding, in die vorm van regskoste, voortspruitend uit die beweerde kwaadwillige vervolging.

Elk van die vier eisers se eis beloop R609 181,04.

[5] In paragraaf 7 van die besonderhede van eis word beweer dat lede van die Suid-Afrikaanse Polisiediens op Donderdag 30 September 2010 vanaf ongeveer 13:30, sonder 'n lasbrief daartoe, onregmatig die kamers waarin die tweede, derde, vierde en vyfde eisers in die koshuis van Balmoral Sentrum, Balmoral gewoon het, deursoek het. Balmoral is geleë in die omgewing van dorpe soos Bronkhorstspruit en Witbank.

In die pleit word dit ontken dat die polisiebeamptes onwettig opgetree het maar die datum en plek van die voorval en die deursoeking sonder 'n lasbrief word erken. Dit word beweer dat die polisiebeamptes die toestemming van die eerste eiser ("Ratte") gehad het om die eiendom te deursoek en dat Ratte hom aan hulle voorgestel het as die eienaar van die eiendom.

In die alternatief word gepleit dat die polisie wettiglik opgetree het in terme van die voorskrifte van onder andere artikels 22, 23, 24 en 25 van die Strafproseswet, 51 van 1977 en dat die betrokke polisielede redelikerwys geglo het dat 'n lasbrief tot deursoeking toegestaan sou word indien daarvoor aansoek gedoen is maar dat die vertraging veroorsaak deur die poging om die lasbrief te bekom, die doel van die polisie optrede sou verydel.

[6] Paragraaf 8 van die besonderhede van eis lees soos volg:

> "Op dieselfde dag as bo gemeld, en te die bogemelde koshuis, het lede van die Suid-Afrikaanse Polisiediens om ongeveer 14:00 die Eerste, Tweede, Derde, Vierde en Vyfde Eisers onregmatig en sonder 'n lasbrief tot inhegtenisneming, in hegtenis geneem."

Hierdie bewerings word erken, behalwe dat die polisie ontken dat die lede onwettig opgetree het en in die pleit word dit beweer dat die polisie-amptenare wettiglik opgetree het binne die kader van artikel 40 van die Strafproseswet en dat hulle redelikerwys geglo het dat die eisers betrokke was en/of op die punt gestaan het om betrokke te raak in die pleging van 'n misdaad wat beskryf word in Skedule 1 van die Strafproseswet. Die betrokke subartikel van artikel 40 waarop die polisie steun, word nie in die pleit genoem nie. Daar word gepleit dat die arrestasie en die daaropvolgende aanhouding wettig was in terme van die wetlike voorskrifte.

[7] In paragraaf 9 van die eis word beweer dat die eisers, "na hul voormelde inhegtenisneming" in onregmatige aanhouding in polisievoertuie na 'n nabygeleë museum, en daarvandaan na die Witbank polisiestasie vervoer is waar hulle onregmatig aangehou is tot Maandag 4 Oktober 2010 en daardie oggend na die Witbank landdroshof vervoer is waar hulle verder onregmatig in die polisieselle aangehou is.

In die pleit word hierdie bewerings ontken. Daar word gepleit dat die aanhouding van die eisers en hulle daaropvolgende verskyning in die hof wettig was in terme van die toepaslike voorskrifte en meer in besonder in terme van artikel 50 van die Strafproseswet.

[8] In paragraaf 10 van die eis word gepleit dat al die eisers op 4 Oktober 2010 om ongeveer 10:00 in die landdroshof te Witbank verskyn het

> "en die lid of lede van die Suid-Afrikaanse Polisiediens in beheer van die polisie-ondersoek deur die Suid-Afrikaanse Polisiediens ten opsigte van die

> eisers het onregmatig versuim om voldoende stappe te neem om die aanklaer wat in die hofverrigtinge waarin die eisers verskyn het, opgetree het in te lig van feite wat die aanhouding van die eisers ongeregverdig maak en sodoende te verhoed dat die eisers nà hierdie verskyning in die landdroshof verder aangehou word, ten spyte daarvan dat hy, alternatiewelik hulle, 'n regsplig gehad het om sodanige stappe te neem, as gevolg van welke versuim al die eisers verder onregmatig aangehou is totdat die tweede, derde, vierde en vyfde eisers op Vrydag 15 Oktober 2010 en die eerste eiser op Maandag 1 November 2010 uit die onregmatige aanhouding vrygelaat is deur die hof."

In die pleit word hierdie bewerings ontken. Die verweerder pleit dan verder soos volg:

> "The Defendant did not institute the legal proceedings against Plaintiffs. They acted in accordance to their authority and arrested the Plaintiffs and brought them to Court. Thereafter it was the Prosecuting authority that decided to charge the Plaintiffs and the Court within its discretion decided to remand the matter and to hold the Plaintiffs in custody pending the finalisation of the matter.
>
> The police officials acted *bona fide* and disclosed all relevant information to the members of the prosecuting authority."

In 'n replikasie, reageer die eisers soos volg op hierdie deel van die pleit, wat paragraaf 6.2 van die pleit is:

"1.1 Die eisers erken dat die Hof sy diskresie uitgeoefen het toe die Hof die hofverrigtinge uitgestel het vanaf 4 Oktober 2010 op verskillende geleenthede, en gelas het dat die eisers verder aangehou word totdat hulle op die onderskeie datums gemeld in paragraaf 10 van hulle besonderhede van vordering uit aanhouding vrygelaat is deur die Hof.

1.2 Die eisers pleit dat die Hof sy voormelde diskresie uitgeoefen het op grond van die onvolledige inligting wat aan die Hof bekend gemaak is as gevolg van die versuim van die lid of lede van die Suid-Afrikaanse Polisiediens soos gemeld in paragraaf 10 van die eisers se besonderhede van vordering."

In die replikasie word daar met geen ander bewerings in die pleit gehandel nie behalwe dat die eisers volstaan met die bewerings in hulle besonderhede van vordering en op grond daarvan in geding tree.

[9] In paragrawe 11 tot 14 van die eis word beweer dat die eisers skade gely het, in die bedrae voormeld, vanweë die onregmatige deursoeking, arrestasie, aanhouding en vervolging. Daar word beweer dat die bevelvoerder van die aantal polisie amptenare (ongeveer twintig van hulle) wat die koshuis deursoek en die eisers gearresteer het, ene Mahlangu, ("Mahlangu") "opsetlik, kwaadwillig en sonder enige redelike of waarskynlike gronde daarvoor, die strafregtelike vervolging van die eisers aangestig het deur te beweer dat die eisers onwettig in besit was van sekere vuurwapens en ammunisie te die koshuis van Balmoral Sentrum, Balmoral".

In die pleit word hierdie bewerings ontken.

[10] In paragraaf 15 van die eis word beweer dat die Nasionale Vervolgingsgesag op 23 September 2011 alle aanklagte teen die eisers teruggetrek het. In die pleit word dit erken. In dieselfde paragraaf word beweer dat die strafregtelike vervolging teen die eisers "misluk het" omdat die klagtes, soos genoem, teruggetrek is. Die hele paragraaf word erken. Dit blyk egter uit die getuienis, waarna ek aanstons sal verwys, dat die aanklaers gereed was om die saak end-uit te voer, maar toe sekere van die beskuldigdes (dit sluit nie die eisers in nie want daar is tien van hulle gearresteer) pleite van skuldig aangebied het ten opsigte van onder andere, die onwettige besit van vuurwapens en ammunisie, is die klagtes teen die ander beskuldigdes (die betrokke eisers in hierdie saak) teruggetrek, nadat daar ook onderhandelinge plaasgevind het met die Nasionale Vervolgingsgesag.

[11] In paragraaf 16 van die eis word die totale bedrae aan regsonkoste wat aangegaan is gepleit en dit word ontken.

[12] Paragrawe 17 en 18 het te doen met sekere items van die beskuldigdes wat na bewering onwettiglik deur die polisielede verwyder is en nie teruggegee is nie. Later is hierdie eise laat vaar. Die verweerder se pleit in hierdie verband is egter insiggewend, en, na my mening, van deurslaggewende belang vir doeleindes van die beregting van hierdie saak.

Die bewerings word ontken en dan word gepleit dat al die items waarop beslag gelê is in die SAP.13 rekords van die polisie aangeteken en in die SAP.13 store bewaar is.

Dan volg paragraaf 10.3 van die pleit wat baie inligting bevat maar wat ek gerieflik vind om aan te haal vir illustratiewe doeleindes:

"10.3 The items seized are as follows:

10.3.1 one R4 rifle serial number M788661A

10.3.2 one magazine with 11 rounds

10.3.3 one 30-06 hunting rifle with serial number 92499

10.3.4 one .22 rifle with serial number 338553

10.3.5 one 44 calibre revolver with serial number 552636

10.3.6 12 gauge shotgun with serial number 214702

10.3.7 one 44 calibre revolver with serial number P95096

10.3.8 one pellet gun with no serial number

10.3.8 – 10.3.13 (dit is 'n aantal windbukse waarvan die reeksnommers in die pleit genoem word wat op die plaas en in die koshuis aangehou is maar waarvoor daar nie lisensies benodig word nie)

10.3.14 one shotgun rusted with no serial number

10.3.15 one shotgun 12 gauge with no serial number

10.3.16 two R4 magazines

10.3.17 4425 rounds of ammunition 5.56 x 45 (ek verstaan dat dit die R4 ammunisie is)

10.3.18 44 rounds of ammunition 30-06

10.3.19 500 rounds of ammunition .22

10.3.20 1140 rounds of ammunition .22

10.3.21 586 rounds of ammunition 5.6 x 45 (R4 ammunisie soos ek dit verstaan)

10.3.22 1132 rounds of ammunition 12 gauge

10.3.23 two R4 magazines

10.3.24 one Samsung laptop computer

10.3.25 one Toshiba laptop computer

10.3.26 one plastic bag containing dagga

10.3.27 one Defence Force uniform

10.3.28 electric copper conductor drum with 600m cable

10.3.29 one Asus notebook

10.3.30 one Pechu computer hard drive.

10.4 All these items were seized as exhibits and evidence in a criminal trial and are still held for purpose of investigation."

Ek sal na hierdie items waarop beslag gelê is op 30 September tydens die arrestasie van die eisers en vyf ander inwoners van die plaas en wat in bewaring geneem is by die SAP.13 store, verwys as "die 10.3 items".

[13] In die pleit word dit ook erken dat daar 'n behoorlike aanmaning gestuur is en dat al die polisielede te alle wesenlike tye binne hulle diensbestek met die verweerder opgetree het.

<u>Inleiding en kort oorsig van die onderliggende omstandighede waaronder die gebeure plaasgevind het</u>

[14] Die feite waarna ek verwys vir doeleindes van hierdie kort oorsig is, in die algemeen gesproke, nie in geskil nie en gemene saak tussen die partye. Waar daar verskille is sal ek poog om dit in die loop van hierdie uitspraak te identifiseer en te behandel.

[15] Die Balmoral Sentrum is geleë op die plaas Eenzaamheid in die Bronkhorstspruit/Witbank area. Die plaas behoort aan 'n trust met die naam die *Vallus Nostra* trust (dit beteken "ons vallei"). Een van die trustees, mnr Albertus Cornelius Janse van Rensburg ("Van Rensburg") het ook namens die eisers getuig. Op die plaas is 'n sweis-skool of 'n "gimnasium" geleë waar jong mans opgelei word om sweiswerk en aanverwante dissiplines te doen. By afhandeling van die kursus, wat ongeveer ses maande duur, word 'n sertifikaat aan 'n suksesvolle kandidaat uitgereik en die sertifikaat word in die ope arbeidsmark erken. Die jong mans wat die sweis-skool bywoon bestaan uit twee kategorieë. Die een kategorie betaal vir die opleiding en die ander kategorie, gewoonlik behoeftige seuns, bly op die plaas, werk op die plaas en ondergaan ook die opleiding sonder om daarvoor te betaal. Hierdie rekrute, ook genoem "kadette" woon in 'n koshuis gedeelte ("die koshuis") wat 'n entjie van die gimnasium geleë is. Een van die blokke van die koshuis is L-vormig en bestaan uit vier slaapkamers, 'n stoor, 'n waskamer, 'n badkamer en 'n kombuis asook 'n gang en 'n klein slaap-saal. Aangrensend aan hierdie L-vormige blok is daar die "bos kombuis", 'n groter eetsaal en 'n groot slaap-saal wat met 'n gordyn afgeskort is van die groot eetsaal.

Effens ten ooste van die tweede blok waarna ek verwys het, is 'n paradegrond met 'n vlagpaal en ten suide daarvan 'n werkswinkel.

Die koshuis is bo-op 'n bult geleë en ten ooste daarvan is daar 'n bos of 'n ruigte en verder oos was daar te alle wesenlike tye 'n gastehuis onder konstruksie. Van die

inwoners van die koshuis het gehelp met die bouwerk. Die idee was dat die gastehuis 'n inkomste sou genereer vir die bedrywighede van die sentrum.

Verder oos, en tussen die sweis-skool en die gastehuis, was daar ook 'n museum wat te doen gehad het met 'n konsentrasiekamp wat daar geleë was tydens die Anglo Boere-oorlog ("die museum"). Tussen die museum en die sweis-skool was daar twee skeepshouers wat, op die oorwig van die getuienis, gevul was met boeke. Van die skeepshouers is oopgebreek deur die polisie in die loop van hulle ondersoekwerk en deursoeking van die perseel.

Die museum is bietjie meer as 500m suid-oos van die koshuis geleë en die sweis-skool of gimnasium ("die sweis-skool") ongeveer 500m oos van die museum. Die twee skeepshouers vorm 'n driehoek met die sweis-skool en die museum en lê effens noord van laasgenoemde twee geboue.

Daar is ook 'n ruwe parkeer area net oos van die ruigte wat tussen die gastehuis en die koshuis te vinde is.

Die plaas met sy strukture lê effens noord van die N4 snelweg en effens suid van die ou pad (ek vermoed dit is die ou Witbank/Bronkhorstspruit pad). Vanaf laasgenoemde pad kan die parkeer area effens ten suide daarvan bereik word en ook die koshuis.

[16] Tydens die polisie operasie van 30 September 2010, wat gelei het tot die arrestasie van die eisers en ook beslaglegging op die 10.3 items, het die tweede tot vyfde eisers in die

koshuis gewoon en drie van die vier slaapkamers in die L-vormige blok beset. Van hulle was kadette en minstens een van hulle was 'n voormalige kadet wat tydelik teruggekom het om te help met die bouwerk aan die gastehuis. Net twee van hierdie vier eisers, no 4 en no 5, De Beer en Meyer, het in die verhoor getuig. Die eerste eiser, Ratte, was ook op die plaas tydens die polisie klopjag maar het elders, by 'n adres in Pretoria, gewoon.

Volgens Ratte is hy deur die trust aangestel as bestuurder van die plaas en die sentrum, maar van die verdedigingsgetuies het gesê dat Ratte hom aan hulle as die eienaar van die plaas voorgestel het, toestemming gegee het tot die deursoeking van die perseel en hulle ook vergesel het tydens die deursoeking. Ratte ontken dit.

[17] Volgens die getuienis was daar vyf ander inwoners van die koshuis tydens die klopjag ("die ander vyf"). Nie een van hulle het getuig nie. Hulle was Eugene Bekker ("Bekker") wat in die eerste slaapkamer gebly het, Justin Schoeman ("Schoeman") wat in die klein slaap-saal gebly het, Gunther Kotze ("Kotze") wat in die stoor gebly het en Marais Bouwer ("Bouwer") asook Raymond Senekal ("Senekal") wat albei in die groot slaap-saal gebly het.

Die ander vyf is ook saam met die vyf eisers gearresteer en aangekla.

[18] Op die weergawe van die eisers, kan 'n paar opmerkings gemaak word oor die dag tot dag aktiwiteite op die plaas en by die sentrum: Bekker was op 'n manier in beheer van die koshuis inwoners. Daar is na hom verwys as "sersant-majoor" en na Ratte is daar verwys as "kommandant". Elke oggend was daar 'n parade en vlaghysing op die

paradegrond waarna Bekker die inwoners se dagtake aan hulle toegewys het. In die algemeen is van die bruin weermag oorpakke gebruik tydens die dag se werk. Die inwoners is ook geleer hoe om te marsjeer en het, by geleenthede, dril sessies van stapel gestuur, bv wanneer gedenkdae gehou is by die museum. Volgens die eisers het hulle nie aan skiet aktiwiteite deelgeneem nie alhoewel 'n aantal windbukse vir hulle aangeskaf is vir skyfskiet doeleindes en ook om duiwe te skiet. Daar was ook die "gruisgat" in die omgewing waar skietoefeninge gedoen is, maar oorwegend deur buitestaanders.

[19] Die onbetwiste getuienis van luitenant Mahlangu ("Mahlangu"), destyds adjudant offisier, en gestasioneer te Witbank by die eenheid wat gesinsgeweld ondersoek, was dat hy op 30 September 2010, vroeër die dag, inligting van 'n fluitjieblaser ("informant") ontvang het wat aanleiding gegee het daartoe dat die klopjag uitgevoer is. Op daardie stadium het hy reeds vir ongeveer 'n jaar saam met hierdie informant gewerk en laasgenoemde se inligting was gewoonlik betroubaar. Die inligting wat Mahlangu ontvang het kom daarop neer dat daar militêre opleiding op die plaas gedoen word met die bedoeling om die regering omver te werp. Mahlangu is meegedeel dat daar onwettige vuurwapens en ammunisie op die plaas aangehou word waar daar ook koshuis fasiliteite is. Daar was ook inligting dat dagga op die plaas gebruik word. Versterkings is ingeroep en Mahlangu het met ongeveer twintig gewapende polisielede (mans en vrouens) en ongeveer agt polisievoertuie na die plaas vertrek. Voor hulle vertrek, het Mahlangu egter na die aanklaer van die streekhof in Witbank gegaan om 'n deursoekingslasbrief te bekom. Hy het die nodige verklaring in hierdie verband afgelê. Hy was gevra om te wag en na 'n vertraging van ongeveer 'n uur het hy 'n verdere oproep van die informant ontvang wat aangedui het dat onnodige

vertraging daartoe kan lei dat die vermeende oortreders van die wapens ontslae kan raak. Die informant het ook gesê dat hy op 'n vorige geleentheid hierdie inligting aan wit polisie-offisiere oorgedra het wat blykbaar, volgens die informant, die plaas inwoners vooraf gewaarsku het sodat daar van die inligting ontslae geraak is. Volgens 'n eedsverklaring van Mahlangu wat deel van die rekord is en wat hy gemaak het ter opponering van 'n dringende aansoek wat die eisers dieselfde aand van hulle arrestasie in hierdie hof geloods het vir hulle vrylating het hy toe, nadat die informant hom weer gebel het, na die adjunk stasiekommissaris gegaan wat nog versterkings gereël het, insluitende lede van die honde-eenheid. In sy genoemde eedsverklaring sê Mahlangu ook dat die informant hom gewaarsku het dat die persone op die plaas gevaarlik is en dat een van hulle voorheen aan terrorisme skuldig bevind is. Dit is gemene saak dat Ratte verskeie vorige veroordelings het wat ook verband hou met die onwettige besit van wapens en dat hy tronkstraf vir 'n sekere tydperk uitgedien het. Die vorige veroordelings maak deel uit van die rekord en die besonderhede is nie in geskil nie.

[20] Dit is gemene saak dat die polisie toe om ongeveer 13:00 by die plaas opgedaag het, by die parkeerterrein stilgehou het en teen die bult uit beweeg het na die koshuis toe. Die plek is omsingel en van die inwoners is geboei en andere is aangemaan om hulle nie te verset nie. Dit is gemene saak dat 'n groot aantal vuurwapens en aansienlike hoeveelhede ammunisie op beslag gelê is. Ek verwys in hierdie verband na die 10.3 items. Die items waarop beslag gelê is, is in verskeie verklarings, onder andere van Mahlangu, beskryf en uiteengesit. Dit mag wees dat daar oorvleuelings of verskille is tussen die verskillende lyste. Na my mening is dit nie relevant vir doeleindes van hierdie saak nie. Die feit is dat 'n groot aantal wapens en ammunisie op beslag gelê is asook dagga, rekenaars en ander items. Op 'n oorwig van die getuienis was hierdie

wapens nie in kluise toegesluit soos vereis word deur die tersaaklike wetgewing nie. Die wapens is binne 'n relatiewe kort tydperk gevind en op beslag gelê.

[21] Mahlangu se getuienis is ook onbetwis dat by die polisie se aankoms hulle vir Bekker deur 'n venster gesien het waar hy hulle dophou met 'n R4 geweer in sy besit. Hulle het hom gelas om die wapen te laat val wat hy gedoen het deur dit by die venster uit te gooi en te verdwyn. Die polisie het om die gebou beweeg en vir Bekker gearresteer. Dit is gemene saak dat Bekker later, vanweë sy onwettige besit van die R4 geweer en ammunisie, vervolg en skuldig bevind is en tot 'n effektiewe tydperk van ses maande gevonnis is. Ek sal later weer hierna verwys.

[22] Na afhandeling van die operasie, wat blykbaar net 'n uur of twee geduur het, is die tien latere beskuldigdes (die vyf eisers en die ander vyf) op die paradegrond byeen gebring en aangesê om hand op die skouer in enkel gelid teen die bult af te loop na die polisievoertuie. Van daar is hulle vervoer na die Witbank polisiestasie waar hulle later die aand in terme van artikel 35 van die Grondwet gewaarsku is en die besonderhede van die klagte teen hulle in dokumente voorgelê is.

Daar is 'n dispuut tussen die partye oor die vraag of die beskuldigdes behoorlik van hulle regte ingelig is en meegedeel is dat hulle gearresteer word voordat hulle die plaas verlaat het. Mahlangu sê dat dit wel gebeur het maar van die verdedigings getuies ontken dit.

[23] Dieselfde aand na hulle aankoms by die polisiestasie in Witbank en terwyl hulle saam in 'n groot sel aangehou is, is die eisers toegelaat om met hulle regsverteenwoordigers

te konsulteer met die oog op die dringende aansoek waarna ek verwys het en wat in hierdie hof geloods is onder saak 56526/2010. Die regsverteenwoordigers het die saak reeds vir die volgende dag, 1 Oktober 2010, te rolle geplaas maar dit het blykbaar eers op Maandag 4 Oktober voor die hof gedien nadat die respondente op 2 Oktober opponerende stukke ingedien het en daarop gerepliseer is op dieselfde dag. Dit is gemene saak dat hierdie aansoek van die hand gewys is.

[24] Die eisers en die ander vyf is toe in die Witbank polisieselle aangehou tot Maandag 4 Oktober toe hulle, in terme van die voorskrifte van artikel 50 van die Strafproseswet, voor die landdros verskyn het. By daardie geleentheid is die saak by ooreenkoms uitgestel na die volgende Maandag, 11 Oktober, en na 'n verdere uitstel, ook by ooreenkoms, tot Vrydag 15 Oktober, is al die beskuldigdes met die uitsondering van Bekker en Ratte op hulle eie verantwoordelikheid vrygelaat. Na 4 Oktober is die beskuldigdes ook in die Paxton gevangenis aangehou onder omstandighede wat hulle self as relatief gunstig beskryf het.

[25] Soos ek reeds genoem het, was daar breedvoerige onderhandelinge tussen die verdediging en die Nasionale Vervolgingsgesag en uiteindelik het Bekker, Bouwer en Kotze (almal lede van die ander vyf) skuldig gepleit aan die onwettige besit van wapens en ammunisie en, soos ek genoem het, moes Bekker effektiewelik ses maande gevangenisstraf uitdien en het Bouwer en Kotze opgeskorte vonnisse ontvang. Schoeman, 'n ander lid van die ander vyf, was nog 'n jeugdige van 17 jaar oud en hy is op heterdaad betrap met dagga in sy besit. Soos ek die getuienis verstaan het, is hy na die kinderhof verwys waar sy saak verder hanteer is. Dit lyk asof Senekal, die enigste oorblywende lid van die ander vyf, vervolging uiteindelik vrygespring het. Die

pleitverrigtinge en vonnisoplegging van Bouwer maak deel uit van die rekord in die vorm van die getikte oorkonde. Dit lyk asof hy ten opsigte van die onwettige besit van twee vuurwapens gevonnis is tot vyf jaar gevangenisstraf wat geheel opgeskort is vir vyf jaar, ten opsigte van die besit van ammunisie tot twaalf maande wat vir vyf jaar opgeskort is en ten opsigte van nog twee klagtes tot ses maande wat ook vir vyf jaar opgeskort is. Ek het nie hierdie oorkonde deeglik bestudeer nie want die besonderhede as sodanig is nie direk relevant nie.

Op die oorwig van die getuienis is die klagtes teen die ander beskuldigdes (insluitende die eisers) toe teruggetrek nadat die ander drie beskuldigdes die pleite aangebied het. Die klagtes is in September 2011 teruggetrek.

[26] Die dagvaarding in hierdie saak is eers ongeveer agtien maande later, in Februarie 2013, uitgereik.

<u>'n Kort oorsig van die getuienis</u>

[27] Die oorsig van die getuienis wat volg is beperk tot aspekte wat na my mening direk relevant is. Die saak het tien dae geduur, en die rekord van die dokumentasie beslaan ongeveer 940 bladsye. Ek het ook reeds breedweg verwys na belangrike aspekte van die getuienis in die loop van die inleiding.

(i) <u>Wilhelm Friedrich Ratte ("Ratte")</u>

[28] Ratte het getuig oor die ontstaan van die sentrum (in ongeveer 2002) en die aktiwiteite by die sweis-skool, die koshuis en die museum. Hy het getuig dat ene mnr Mike Hough ("Mike Hough") die sweis kursus aangebied het. Sketsplanne van die terrein

asook van die koshuis wat die getuie geteken het is deel van die rekord. Sy opdrag van die trustees was om toe te sien dat die koshuis en die sweis-skool aan die gang bly. Hy het geweet dat van die "seuns" soos hy hulle genoem het privaat vuurwapens besit het. Hy het nooit 'n R4 daar gesien nie.

[29] Hy het êrens tussen die parkeerterrein en die gastehuis met mnr Bert van Rensburg ("Van Rensburg") gestaan en gesels toe die polisievoertuie by die parkeerterrein opdaag en die polisielede teen die bult uit hardloop na die koshuis toe. Van Rensburg het besluit om aan te gaan met sy werk en Ratte het toe besluit om te gaan kyk wat aangaan by die koshuis. Daar het hy 'n beroering aangetref en buite die een slaapkamer het Bekker op die grond gelê met handboeie aan. Dit is kennelik nadat hy die R4 deur die venster gegooi het en toe daarna gearresteer is. Twee van die eisers, Meyer en Bornman, het met hulle hande teen die muur gestaan. Toe hy die polisie vra wat aangaan het hulle gesê hy moet stilbly. Hy kan nie alles onthou nie. Ek voeg by dat Ratte in die loop van sy getuienis by herhaling gesê het dat hy nie alles kan onthou nie. Dit moet in ag geneem word dat die verhoor ongeveer vier jaar na die voorval plaasgevind het. Hierdie feit moet in oorweging kom by die evaluering van die getuienis. Nietemin, was ek onder die indruk dat Ratte se getuienis buitengewoon vaag was in vele opsigte.

Die verdediging se getuienis (onder andere is dit vervat in Mahlangu se eedsverklaring) dat Ratte gesê het dat hy die eienaar van die perseel is, is aan hom gestel in sy hoof getuienis. Hy het gesê sover hy onthou is hy gevra of hy die eienaar is en het hy gesê nee hy is nie die eienaar nie. Hy dink die polisie het gesê hy moet sit, wat hy gedoen het, en hy moenie weggaan nie. Hy bel toe vir Van Rensburg wat

'n oud-landdros is en vra hom om 'n draai daar te maak. Van Rensburg het toe aangestap gekom en sover hy onthou het Van Rensburg toe met die polisie gepraat. Daarna is hy weer weg. Hy kan nie alles onthou nie maar op 'n stadium is hy gevra oor 'n rooi sleepwa op die perseel en hy en Schoeman is gevra om dit uit te pak. Daarna is almal bymekaar geroep en af geneem na die parkeerterrein. Hulle moes hand op die skouer in enkel gelid afstap daarheen. Op die oorwig van die getuienis was daar niks opsienbarends in die sleepwa gevind nie. Ratte ontken dat hy toestemming gegee het dat die perseel deursoek kon word soos wat die verdediging beweer. Toe hy gevra is of iemand by hom navraag gedoen het oor waar die jongmense slaap en wie in watter kamer het hy gesê nie wat hy kan onthou nie. Dit kan wees dat hy uitgevra is oor die windbukse en dat hy gesê het dat hy dit aangekoop het maar hy is onseker. Hy kan nie onthou of hy gevra is of hy 'n betrokke vuurwapen aan 'n betrokke persoon kan koppel nie. Hy dink dat van die wapens behoort het aan die "volwassenes" Bouwer, Senekal en Kotze. Op pad na Witbank het hulle by die museum aangedoen. Van die bruin weermag uniforms is daar uitgestal. Die uniforms word ook by die koshuis gehou vir spesiale geleenthede soos 'n seremonie op 11 November, Wapenstilstand dag. Die arrestasie het tussen 13:30 en 14:00 (ongeveer) plaasgevind. Hy kan nie onthou of enigiemand vir hulle gesê het dat hulle in hegtenis geneem word nie.

Dit is gemene saak dat al die beskuldigdes later die aand (blykbaar tussen 19:00 en 20:00) 'n skriftelike kennis van hulle regte in terme van artikel 35 van die Grondwet ontvang het en hulle moes ook bo hulle handtekening skriftelik sertifiseer dat die regte verduidelik is en dat hulle dit verstaan. Op hierdie kennisgewing van regte word ook geboekstaaf dat die beskuldigdes aangehou word vir die volgende redes:

"1. Protection of constitutional democracy against acts of terrorism.

2. Possession of arms and ammunition (Witbank CAS 949/09/10)."

Mahlangu het getuig dat hy van mening was dat die eintlike rede vir die arrestasie te doen het met die onwettige besit van die wapens en ammunisie en dat die klag ten opsigte van "terrorisme" bygevoeg is deur lede van die Georganiseerde Misdaad eenheid aan wie Mahlangu die gevangenes oorhandig het voordat hy vertrek het.

Al die gevangenes het ook op 2 Oktober waarskuwingsverklarings geteken waarin hulle boekstaaf dat hulle hulle swygreg uitoefen en verkies om met regsverteenwoordigers van hulle eie keuse te konsulteer. Teen daardie tyd het hulle alreeds vanaf die aand van 30 September begin met hierdie konsultasies, hoofsaaklik met die oog op die dringende aansoek waarna ek verwys het.

[30] Later die aand van 30 September was die tien gevangenes in groepe verdeel en in aparte selle geplaas. Volgens Ratte was die sel waarin hy was oorvol, en moes hulle op die grond slaap op sekere matte. Hy kan nie onthou of hy op 'n mat gelê het nie. Daar was komberse maar hy het nie een gehad nie. Daar was een toilet wat gewerk het en die sel was vuil.

[31] Dit is gemene saak dat Ratte tydens die hofverskynings afstand gedoen het van sy reg om vir borg aansoek te doen. Hy het, uit protes, ook op 'n eetstaking gegaan. Hieroor het hy getuig. Hy is uiteindelik op 1 November op borg van R2 000,00 vrygelaat nadat sy regsverteenwoordigers hom oorreed het om op borg vry te gaan. Die borg aansoek was ook nie bestrede nie. Daar is ook 'n eedsverklaring van1 November 2010

deur Ratte wat hy aangebied het ter ondersteuning van die borg aansoek. By hierdie eedsverklaring is 'n uiteensetting van sy vorige veroordelings. Na hierdie veroordelings verwys Ratte in die eedsverklaring. Die uiteensetting is blykbaar in Ratte se handskrif, en nie in alle opsigte baie duidelik nie. Daar was vier vorige veroordelings tussen ongeveer 1996 en 1998. Hoofsaaklik het dit te doen gehad met oortredings van die Wet op Wapens en Ammunisie en daar was ook 'n oortreding van die Wet op Betreding en, volgens die uiteensetting, is Ratte in 1998 skuldig bevind aan sabotasie en vyf jaar gevangenisstraf is opgelê. Hy het agt maande daarvan uitgedien. Dit is blykbaar nadat 'n appèl van hom gedeeltelik geslaag het. Die saak is gerapporteer as *S v Ratte* 1998(1) SASV 323 (T). Dit is nie nodig om volledig daarop uit te wei nie. Breedweg kom dit daarop neer dat die skuldigbevindings bekragtig is maar dat daar ingemeng is met die vonnisse in die sin dat van die vonnisse gedeeltelik opgeskort is.

[32] Ratte het bevestig dat die klagtes teen die res teruggetrek is nadat van die beskuldigdes skuldig gepleit het vanweë vertoë wat gerig is.

[33] In kruisondervraging is Ratte ook gekonfronteer met die feit dat hy dikwels sê dat hy iets nie kan onthou nie. Hy het gesê dit is logies omdat die voorval vier jaar tevore plaasgevind het en dat hy sommige goed kan onthou en ander nie.

[34] Hy is uitgevra oor die chronologiese verloop van die hof verskynings, die borg aansoeke, ens waarna ek reeds verwys het asook na sy eetstaking.

[35] Hy het sekere negatiewe opmerkings oor Mike Hough gemaak en daarop gesinspeel dat laasgenoemde moontlik die polisie meegedeel het van 'n sekere "vonds" van wapens en dagga wat op die plaas gemaak is.

Hy is uitgevra oor die militaristiese aard van die aktiwiteite op die plaas wat insluit die benamings "kommandant", "sersant majoor", "kadette" en die aktiwiteite van marsjeer en skyfskiet. Dieselfde geld die paradegrond met die vlagpaal, asook die weermag uniforms wat gedra word. Dit is aan hom gestel dat 'n buitestaander onder hierdie omstandighede moontlik die afleiding kan maak dat daar militêre bedrywighede aan die gang is. Die getuie het geantwoord dat in die betrokke geval so 'n gevolgtrekking oordrewe sou wees.

Dit is aan hom gestel dat die polisie hom met respek behandel het en dat hy ook ingestem het tot die deursoeking van die perseel insluitende die sleepwa. Hy het die bewerings ontken en gesê dat die polisie hom grootliks geïgnoreer het. Hy het wel erken dat hy vrywilliglik die sleepwa oopgemaak het nadat hy daartoe versoek is.

[36] Op die keper beskou, en op die getuienis as geheel, kom dit voor asof die polisie vir Ratte met 'n mate van respek en hoflikheid behandel het. Hulle was bereid om met hom te kommunikeer en het hom beskou as die persoon in beheer. Volgens hulle, die eienaar en volgens hom, die bestuurder.

In die algemeen was ek nie besonder beïndruk met Ratte as 'n getuie nie. Hy was baie vaag in verskeie opsigte soos ek probeer illustreer het.

(ii) Corné de Beer

[37] Hy is die vierde eiser. Hy was by die koshuis ten tye van die voorval op 30 September 2010. Hy het die klein slaap-saal met Schoeman gedeel.

[38] Hy het 'n geraas buite gehoor en toe 'n swartman met 'n wapen buite sien staan. Hy meen die persoon het privaat klere aangehad. Hy is ontbied om uit te kom en gesê hulle moet wag dat hy eers sy skoene aantrek wat hy gedoen het. Hy is aan die kraag geneem en beveel om op die grond te lê met sy hande vorentoe en sy gesig na onder. Hy het opgebeur om te vra wat aangaan waarop hy op sy rug getrap is en teen die nek geskop is en gesê hy hoef nie te weet wat aangaan nie. Later het hulle gesê hy kan opstaan en hy het op 'n stoel gaan sit. Hy dink Bekker, Visser, Bornman, Meyer en Senekal was ook daar. Hulle is op 'n stadium aangesê om in 'n ry te staan, aan mekaar se skouers te vat en af te beweeg na die polisievoertuie. Later het hy gesê dat hy een van die slaapkamers (die tweede een) met Meyer gedeel het. Die verwysing na Schoeman in die klein slaap-saal beteken blykbaar net dat hy daar was ten tye van die aankoms van die polisie.

[39] Hy is nie voordat hulle af beweeg het deur die polisie gevra waar hy in die koshuis gebly het nie. Hy is ook nie uitgevra of hy weet van vuurwapens nie, of selfs of hy 'n inwoner van die koshuis was nie. Hy is nie meegedeel dat hy in hegtenis geneem is nie. Hy het inderdaad twee sweis sertifikate by die sweis-skool verwerf. Dit is deel van die rekord. Hy het getuig oor die daaglikse aktiwiteite waarna ek reeds verwys het. Volgens hom was daar nooit militêre opleiding nie maar hulle het wel geoefen vir die seremonies by die museum. Hulle is geleer hoe om te marsjeer, het bruin uniforms gedra en die vlag gehys. Hy was nie deel van politieke gesprekke nie maar kan nie

onthou of so iets plaasgevind het nie. Hy het nie geweet van Bekker se R4 geweer nie maar wel gesien dat Kotze kruit rewolwers aan sy sy dra. Hy het geweet van die windbukse. Na sy opleiding het hy by Bronkhorstspruit werk gekry maar is later deur Ratte gevra om terug te kom om hom te help met die bou van die gastehuis.

[40] Hy het getuig van die kennisgewing ten opsigte van die konstitusionele regte en die waarskuwingsverklaring waarna ek verwys het asook verklarings wat hulle opgestel het in verband met die dringende aansoek. Vandat hulle by die koshuis aangehou is het hulle nie kos en water gekry voor die volgende oggend nie. Hy was nie baie vleiend oor die tipe kos wat aangebied is nie. Hy het ook getuig oor die toestand van die selle wat oorvol was en hierdie getuienis strook min of meer met dié van Ratte. Hulle is op 15 Oktober vrygelaat. Vanaf 4 Oktober was hulle in die Witbank (Paxton) gevangenis wat "'n groot verbetering" op die toestand van die polisieselle was. Hy het ontken dat iemand hulle gereeld in die selle besoek het by die polisiestasie. Hy het nie 'n klag gelê oor die swak toestande nie.

[41] Voordat hulle teruggery het Witbank toe is hulle nie meegedeel dat hulle onder arres is nie en hulle regte is nie verduidelik nie. Hy het wel gedink dat hulle dalk gearresteer gaan word. Toe hulle afstap na die polisievoertuie het hy gesien dat vuurwapens en ammunisie ook af gedra word. Daar was 'n "klomp" vuurwapens en ammunisie asook skootrekenaars. Hy is nie gevra om by te wees toe die polisie sy persoonlike besittings deursoek het nie.

(iii) <u>Albertus Cornelius Janse van Rensburg ("Van Rensburg")</u>

[42] Hy het in die regte gestudeer en was op 'n stadium 'n beheer-landdros. Hy is in 1948 gebore. Hy is 'n trustee van die *Vallus Nostra* trust. Daar is twee ander trustees. Die trust is die eienaar van die plaas. Ratte is van die begin af betrek. Die getuie het ook vertel van die twee bane of kategorieë van studente wat ingeneem word. Die sentrum het in duie gestort nadat Ratte daar weg is.

[43] Op 30 September 2010 was hy by die gastehuis toe Ratte te voet daar aankom. Die getuie sê dat op pad na die gastehuis het hy, toe hy verby die sweis-skool ry, 'n klomp polisievoertuie daar gesien en hy vra toe vir Ratte wat aangaan. Ratte sê hy weet nie maar dit is waarskynlik "Mike se nonsens" met 'n verwysing na Mike Hough.

Hy het toe 'n klomp polisievoertuie ingery sien kom by die parkeerterrein en gesien hoe hardloop die polisielede teen die bult op. Sover hy kon uitmaak was almal in uniform. Van die polisielede het by die voertuie agtergebly. Hy het vir 'n adjudant offisier gevra wat aangaan en is in Engels meegedeel dat hulle 'n saak ondersoek. Hy ry toe met sy bakkie weg om van sy werkers te gaan aflaai en kry 'n oproep op sy selfoon. Ratte vra dat hy moet terugkom. Bo op die bult het hy Ratte op 'n stoel gesien sit op 'n gedeelte van die paradegrond. Daar het ook windbukse op 'n stoel gelê en handwapens, pistole en rewolwers. Regs van Ratte het 'n paar seuns op die grond gelê. Toe hy Ratte vra wat aangaan toe sê hy die polisie deursoek hom. Hy het vir die polisie gevra waar die visenterings lasbrief is en hulle sê toe dat hulle net besig is om aan 'n ondersoek te werk. Toe hy vra wat se misdaad die mense gepleeg het is hy meegedeel dat die polisie besig is met die ondersoek. Hy het 'n taamlike lang gesprek met die polisie gehad maar kan nie al die besonderhede onthou nie. Hy het na die seuns gestap om te vra hoe hulle voel toe sê 'n polisieman vir hom "don't approach the

prisoners". Hier het hy toe vir die eerste keer gehoor dat hulle gearresteer is. Dit is belangrike getuienis wat eintlik die verdediging se weergawe staaf dat daar wel 'n arrestasie plaasgevind het. Dit strook ook met die bewering in paragraaf 8 van die dagvaarding (wat in die pleit erken word) dat die eisers om ongeveer 14:00 by die koshuis in hegtenis geneem is. Die beweerde onregmatigheid van die arrestasie word in die pleit betwis. Dit is moeilik om te sien hoe die eisers, teen die agtergrond van hierdie bewering en die getuienis van Van Rensburg, steeds kan betwis dat hulle by die koshuis in hegtenis geneem is. Daarna het Van Rensburg na Ratte gestap en gevra of hy iets vir hom kan doen waarop Ratte gesê het "nee dankie". Van Rensburg is toe terug met die afdraende en weg met sy bakkie om werkers op te laai. Daarna is hy huis toe. Daardie aand het hy op die TV nuus gesien dat "terroriste gevang" is. Dit het hom verbaas. In kruisondervraging het Van Rensburg ook getuig oor die dag tot dag bedrywighede op die plaas. Ek hoef nie alles te herhaal nie. Hy het ook 'n paar onvleiende goed oor Mike Hough gesê. Hy het uitgevind dat Mike Hough vorige veroordelings het en het toe vir Mike Hough afgedank. Hy het gepraat van die "vonds" en sê Mike Hough het dit gebruik as 'n voorwendsel om die polisie te ontbied. Volgens die getuie het dit aanleiding gegee tot die klopjag van 30 September. Hy het die klopjag ook verbind aan die teenwoordigheid van polisievoertuie by die sweis-skool net voor die klopjag. Dit het gebeur nadat hy vir Mike Hough kennis gegee het. Toe hy in kruisondervraging gevra is of daar aan hom gesê is deur een van die aangehoudenes dat die polisie besig was om hulle te arresteer het hy geantwoord "dit kom van Ratte af". Dit is ook insiggewend teen die agtergrond van die geskil of die beskuldigdes reeds by die koshuis meegedeel is dat hulle gearresteer word. Dit is ook aan hom gestel dat hy vir die polisie gesê het om nie te arresteer as hulle nie seker is dat 'n misdryf gepleeg is nie maar om wel persone wat verantwoordelik is vir 'n

misdryf te arresteer. Teen hierdie agtergrond, meen ek, op die oorwig van die getuienis, dat die onderwerp van die arrestasie wel deeglik te berde gekom het by die koshuis. Dit strook ook met die bewering in die pleitstukke. Die getuie is ook weer in kruisondervraging gekonfronteer met die feit dat Ratte vir hom gesê het dat die polisie besig was om hulle te arresteer (wat hy nie betwis het nie) en hy het gesê dat hy nie gedink het aan ernstige gevolge van so arrestasie nie en gedink het dat Mike Hough "'n klomp stories" vertel het.

[44] Van Rensburg het my beïndruk as 'n geloofwaardige getuie. Ek kan nie sien dat hy werklik iets gesê het wat die eisers se saak bevorder nie. Hy het wel sekere bewerings gemaak, soos ek aangedui het, ter stawing van die verdediging se weergawe.

(iv) Christopher Riaan Meyer ("Meyer")

[45] Hy was tydens die klopjag by die koshuis. Hy is amper 32 jaar oud. Hy was die eerste keer in 2007 by die sentrum om die sweis kursus te doen. Hy het in die tweede slaapkamer saam met Corné de Beer gebly. Nadat hy sy sertifikaat gekry het, het hy die plaas verlaat en elders gaan werk. Hy is by die werk afgelê en Ratte het hom gevra om tydelik op die plaas te kom help met die gastehuis.

[46] Op 30 September 2010 was hy in die kombuis besig om kos te maak en vir Bekker te help. Buite het hy 'n geraas gehoor en die polisie oor die paradegrond gesien hardloop na die rooi sleepwa. Die polisie het verby hom gehardloop na die kamers. Hy het gesien hoe hulle die kamers binnegaan. Dit is die slaapkamers in die L-vormige blok, want hy het genoem dat Bekker die eerste slaapkamer bewoon het. 'n Polisieman het hom nader geroep en toe by die agterdeur uitgestamp. Daar het hy Bekker op sy maag

gesien lê met sy hande geboei. Dit was kennelik nadat Bekker die R4 by die venster uitgegooi het. Die polisie het hulle beveel om met hulle hande teen die koshuis te staan. Hy self het nie 'n vuurwapen besit nie. Hy het 'n polisieman sien aankom met 'n windbuks en 'n groterige geweer in sy hande. Later is hulle by die paradegrond byeen gebring en in enkel gelid na die polisievoertuie vergesel. Op 'n stadium het Bouwer en Senekal gesê dat hulle dokumente vir die gewere het. Dit strook nie met die feit dat Bouwer later op verskeie klagtes skuldig bevind is soos wat ek beskryf het nie.

[47] Meyer het getuig oor die toestande van die selle by die polisiestasie. Hy het getuig oor die hof verskynings op 4, 11 en 15 Oktober toe hulle vrygelaat is op hulle eie verantwoordelikheid. Dit was almal behalwe Ratte en Bekker. Hy het getuig oor die beter toestande by die Paxton gevangenis. In kruisondervraging het hy getuig oor die dag tot dag bedrywighede by die koshuis. Hy het nie vir Van Rensburg by die klopjag gesien nie. Hy is ook nie fisies deursoek nie. Hulle is nie meegedeel dat hulle gearresteer word nie. Hy is nie deur die polisie gevra of hy klagtes het oor die toestande waaronder hulle aangehou is nie. Hy het nie by sy prokureur gekla nie maar net vir hom gesê dat dit nie "baie lekker" is nie.

(v) <u>Vivien de Klerk</u>

[48] Mnr De Klerk is die eiesers se prokureur. Hy het eers op of ongeveer 22 Oktober 2010 opdrag gekry. Dit is nadat die eisers (met die twee uitsonderings) vrygelaat is. Sy opdrag was om te doen wat nodig is om Ratte uit die tronk te kry.

[49] Mnr De Klerk het 'n volledige stuk van ses bladsye opgestel wat die stappe uiteen sit wat gedoen is om hierdie opdrag uit te voer. Dit is ontvang as bewysstuk 9/899D. Hy het die korrektheid daarvan bevestig. Daar was geen beswaar van die verweerder se kant dat hierdie skriftelike getuienis op hierdie manier ingedien word nie.

[50] In die skriftelike stuk 9/899D, is daar volledige beskrywings van die vertoë wat gerig is, die pleit ooreenkomste van drie van die beskuldigdes (Bouwer, Bekker en Kotze), Ratte se uiteindelike aansoek om borg en die feit dat die klagtes teen die res teruggetrek is nadat die pleite aangebied is. In die stuk word ook melding gemaak van die feit dat Bekker effektiewelik ses maande gevangenisstraf uitgedien het en in sy getuienis het mnr De Klerk bevestig dat Kotze skuldig bevind is aan die besit van ammunisie (onwettiglik) en 'n opgeskorte vonnis opgelê is. Ek het reeds 'n beskrywing gegee van die vonnis wat Bouwer opgelê is.

Tussen Julie en September 2011 is die strafverrigtinge teen Bekker en Bouwer afgehandel en daarna is die res van die klagtes teen die ander teruggetrek op 23 September 2011. Dit kom voor asof die staat te alle tye gereed was om aan te gaan met die verhoor teen al die betrokkenes totdat die onderhandelinge en pleit ooreenkomste 'n werklikheid geword het.

[51] Mnr De Klerk was 'n indrukwekkende getuie. Na sy getuienis is die eisers se saak gesluit.

(vi) <u>Joseph July Mahlangu ("Mahlangu")</u>

[52] Hy het in Engels met behulp van 'n tolk getuig. Hy is nou 'n luitenant in die polisie en is reeds 23 jaar aan die polisie verbonde.

[53] Hy het getuig oor die 30ste September 2010 en die inligting wat hy van die informant ontvang het. Hy het bevestig dat die informant aangedui het dat mense op die plaas besig is met militêre aktiwiteite met die oog daarop om die regering omver te werp. Hy het bevestig dat hy aansoek gedoen het vir 'n visenteringslasbrief, en dat hy 'n verklaring onder eed ingedien het om hierdie aansoek vir die lasbrief te ondersteun. Hy het ook gepraat van die feit dat hy en die informant reeds 'n lang tyd saam werk en dat laasgenoemde gewoonlik betroubare advies aanbied. Al hierdie getuienis het ek reeds opgesom in die inleiding. Hy het ook gepraat van die opvolg-oproep van die informant dat 'n vertraging daartoe kan lei dat die getuienis verwyder word, en dat die informant gesê het dat dit al vantevore gebeur het. Hy het geglo dat hy wel die lasbrief sou kry nadat die landdros dit oorweeg het. Hy het ook gesê dat hy steun op artikel 25 van die Strafproseswet se bepalings. Artikel 25(3) lees soos volg:

> "(3) 'n Polisiebeampte kan sonder 'n lasbrief ingevolge subparagrawe (i), (ii) en (iii) van subartikel (1) optree, indien hy op redelike gronde dink –
>
> (a) dat 'n lasbrief ingevolge paragraaf (a) of (b) van subartikel (1) aan hom uitgereik sal word as hy om so 'n lasbrief aansoek doen; en
>
> (b) dat die vertraging deur so 'n lasbrief te verkry die doel daarvan sal verydel."

Die subartikels waarna verwys word is van toepassing op hierdie saak.

[54] Ongeveer twintig polisie het aan die klopjag deelgeneem. Daar was agt of nege polisievoertuie. Die meeste van die lede was in uniform en daar was 'n paar in burgerlike drag. Hulle het om ongeveer 13:00 by die toneel aangekom. Hulle het die bou toneel by die gastehuis gesien en teen die bult uit beweeg na die koshuis. Hulle het die persoon met die vuurwapen by die venster gesien en hom gelas om dit neer te sit toe gooi hy dit by die venster uit. Hulle het hom agtervolg, gearresteer en geboei. Ander het hulle gelas om te lê.

Hulle het 'n lang man met 'n groot hoed teëgekom. Hy het uit die gebou gekom. Dit het geblyk Ratte te wees maar die getuie het hom nog nie geken nie. In die hof het hy hom uitgewys. Hy het vir Ratte sy diensaanstellingsertifikaat gewys en die rede vir hulle besoek verduidelik. Ratte het homself met daardie naam voorgestel en gesê hy is die eienaar van die plaas. Hulle het toestemming gevra om die deursoeking te doen en dit is vrylik toegestaan. Hy het vir Ratte vertel wat die aard is van die inligting wat hulle ontvang het. Hy het ook van die ammunisie en die dagga gepraat. Ratte het ook saam met hulle beweeg terwyl hulle die deursoeking gedoen het. Dit het vir hom soos 'n woonplek gelyk en daar was beddens binne. Die inwoners wat binne gevind is, is na buite geneem. Baie wapens en ammunisie is gevind en ook rekenaars, pangas en messe. Lede van die honde-eenheid het teruggekom met die dagga wat gevind is. Daar is 'n eedsverklaring van 'n adjudant-offisier De Jager wat spesifiek vir Schoeman op heterdaad met die dagga aangetref het. Die items waarop beslag gelê is, is na die polisiestasie geneem. Op die toneel is die verdagtes meegedeel dat hulle onder arres is en hulle regte is verduidelik. Dit het op die paradegrond plaasgevind.

[55] Hy het ook getuig oor Van Rensburg wat op die toneel verskyn het en wat met Ratte gepraat het. Hy het vir Ratte gevra wat aangaan en Ratte het gesê dat hulle nou onder arres is.

Die ander persoon (kennelik Van Rensburg) het ook met ander polisielede gepraat. Mahlangu bevestig dat Van Rensburg gesê het hulle moenie net arresteer asof hulle op 'n visvang ekspedisie is nie. Van Rensburg het toe vertrek.

[56] Die arrestasie het reeds op die plaas gebeur.

[57] Die verdagtes is gearresteer vir die onwettige besit van vuurwapens, ammunisie en dagga. Ek het reeds genoem dat Mahlangu in kruisondervraging gesê het dat die "terrorisme" klagtes by die polisiestasie bygevoeg is deur lede van die Georganiseerde Misdaad eenheid aan wie hy die verdagtes oorhandig het. Hulle het dit gedoen op sterkte van wat in die dossier gestaan het. Uiteindelik is die klagstate so geformuleer dat dit slaan op die besit van 'n verbode vuurwapen wat 'n volle outomatiese wapen is. Die tersaaklike artikels van die Wet op Beheer van Vuurwapens, 60 van 2000 en ander wetgewing is in die aanklag aangehaal. Daar was ook geykte klagtes ten opsigte van die onwettige besit van vuurwapens in terme van die voorskrifte van Wet 60 van 2000 en ook klagtes ten opsigte van die onwettige besit van ammunisie met verwysing na dieselfde wetgewing en ook artikels van die Strafproseswet. Verder was daar klagtes gebaseer op die versuim om vuurwapens weg te sluit in 'n voorgeskrewe kluis weer eens gebaseer op die tersaaklike artikels van Wet 60 van 2000.

Ek het reeds genoem dat, op die oorwig van die getuienis, die vuurwapens en ammunisie vrylik op beslag gelê is en dat dit nie toegesluit was in kluise nie.

Mahlangu het by herhaling, ook in kruisondervraging, gesê dat alhoewel daar nie wapens en ammunisie in besit van al die beskuldigdes gevind is nie, was hulle almal op die perseel woonagtig (met die uitsondering van Ratte wat daar teenwoordig was in 'n beherende hoedanigheid) en was die wapens en ammunisie oral op die perseel te vinde. Mahlangu was van mening dat dit in orde sou wees om die verdagtes aan te kla op grond van gemeenskaplike besit van die wapens en met die oog daarop om die beskuldigdes voor 'n hof te bring en met die oog daarop om die saak verder te ondersoek. Teen die agtergrond van die groot aantal wapens en ammunisie wat gevind is, en die inligting wat die informant verskaf het is ek van mening dat die houding van Mahlangu nie redelikerwys gekritiseer kan word nie. Mahlangu het ook die vrees uitgespreek dat indien die inwoners op 'n selektiewe basis gearresteer sou word, diegene wat gearresteer is moontlik die blaam op die ander sou probeer plaas.

[58] Hulle het wel by die museum aangedoen op pad na die polisiestasie en daar ook visentering gedoen maar op niks beslag gelê nie.

[59] Hulle het tussen 15:00 en 16:00 by die polisiestasie aangedoen. Papierwerk is gedoen om die verdagtes "in te boek" en die geskrewe dokumente wat die artikel 35 grondwetlike regte bevat is ook in orde gekry. Daarna was hy nie verder betrokke met die verdagtes wat in aanhouding was nie. Hy het wel gesien toe die prokureurs van die verdagtes opdaag en met een van hulle gepraat en laasgenoemde meegedeel dat die Georganiseerde Misdaad eenheid die saak en die dossier oorgeneem het en

toestemming sou gee aan die regsverteenwoordigers om met die verdagtes te konsulteer.

[60] Hy was wel betrokke by die dringende aansoek in die Hooggeregshof, waarna ek verwys het, en moes tot laat in die nag help werk aan die voorbereiding van die opponerende verklaring. Hy was een van die respondente wat gesiteer is. Hy het verwys na sy opponerende eedsverklaring wat deel uitmaak van die stukke. Onder kruisondervraging het hy erken dat daar onakkuraathede was tussen sy getuienis en alles wat in die opponerende verklaring staan. Hy het verduidelik dat hy tot 04:00 op 2 Oktober moes konsulteer om die dokument afgehandel te kry. Ek is nie van oordeel dat die verskille van wesenlike belang is nie.

Wat sy eedsverklaring betref, het Mahlangu ook verwys na paragraaf 35 daarvan waarin hy, onder daardie dringende omstandighede, van die wapens waarop beslag gelê is met hulle reeksnommers uiteengesit het. Dit strook breedweg met die 10.3 items, behalwe dat dit baie minder volledig is. Die besonderhede van die ammunisie verskyn bv nie in die opponerende eedsverklaring nie. Dieselfde geld die rekenaars, die dagga en die 600m kabel-tol. In paragraaf 3 van dieselfde eedsverklaring maak hy egter melding van die dagga en 'n groot aantal ammunisie wat verbind word met 'n verskeidenheid wapens. Hy praat van 5 516 lewendige rondtes ammunsie. In sy getuienis het hy die korrektheid hiervan bevestig. Daar is egter 'n ander eedsverklaring waarin Mahlangu van die bewerings in die opponerende verklaring korrigeer, dit sluit die aantal lewendige rondtes in. Daar is ook 'n ander eedsverklaring in Mahlangu se handskrif wat hy op 30 September voltooi het en in die dossier geplaas het. Daarin word ook melding gemaak van die ammunisie met tersaaklike

besonderhede daaroor en van die wapens. Verder is daar die SAP.13 register wat, soos ek dit verstaan, in Mahlangu se fyn handskrif voltooi is en waarin meer besonderhede te vinde is van al die wapens en ammunisie waarop beslag gelê is. Die dokument is moeilik leesbaar.

Dit is onteenseglik duidelik, en nie in geskil nie, dat daar op 'n groot aantal vuurwapens en ammunisie beslag gelê is. Daar was ook 'n aantal windbukse, rekenaars, dagga, messe, pangas en 600m kabel. Die 10.3 items is, sover ek kan uitmaak, 'n getroue weerspieëling van waarop beslag gelê is. Dit word ook nie aangeveg in die replikasie nie.

Mahlangu, op al die weergawes, was in beheer van die klopjag en die arresterende offisier wat sy diskresie uitgeoefen het om die arrestasies te doen onder hierdie besondere omstandighede. Die feit dat heelwat van die wapens en ammunisie later, na volledige ondersoek en voorlegging van dokumentasie, teruggegee is aan van die beskuldigdes is myns insiens nie relevant wanneer dit kom by die vraag of die arrestasie wettig was en die diskresie behoorlik uitgeoefen is nie. Daar moet gekyk word na die mededelings van die informant, die omstandighede waaronder die beslagleggings en arrestasie plaasgevind het, die algemene opset en bedrywighede op die plaas en spesifieke insidente soos Bekker se kaperjolle om eers die R4 deur die venster weg te gooi en dan te probeer ontsnap (wat nie in geskil is nie) asook die feit dat Mike Hough waarskynlik 'n eiertjie te lê gehad het en bygedra het tot die besluit om die klopjag uit te voer. Daar is ook die historiese feit (nie direk relevant tot die besluit om te arresteer nie) dat van die aangehoudenes later skuldig gepleit het ten

opsigte van die wapens en ammunisie waarop beslag gelê is en dienooreenkomstig gevonnis is. Ek sal later weer na hierdie onderwerp verwys.

[61] Mahlangu het getuig dat hy nie betrokke was by die besluit om die aangehoudenes aan te kla nie en hy was ook nie betrokke toe die dossier aan die aanklaers oorhandig is nie. Hy het ook nooit in 'n hof getuig oor hierdie saak nie. Hy het nie een van die aangehoudenes geken voor 30 September 2010 nie. Hy het, volgens hom, geen persoonlike agenda of onbehoorlike motief gehad om teen die aangehoudenes op te tree nie.

[62] Mahlangu het getuig dat daar 'n goeie "werksverhouding" tussen die polisie en Ratte was tydens die klopjag. Toe die honde-eenheid opdaag het van die honde op die plaas aggressief gereageer op die eenheid se honde en Ratte het die plaas se honde verwyder en in 'n Kombi voertuig gaan toesluit. Hierdie getuienis is ook deur ander getuies geboekstaaf. Ek is bewus daarvan dat die getuienis nie aan Ratte gestel is in kruisondervraging nie maar ek meen dit is inherent onwaarskynlik dat so 'n voorval gefabriseer sal word. Mahlangu het ook verwys na die "locked container" wat blykbaar die rooi sleepwa was, wat Ratte vrywilliglik oopgemaak het en help uitpak het. Hulle het uniforms, militêre stewels en ander artikels gevind maar geen wapentuig nie. Hy het getuig dat daar nie buitensporige geweld tydens die klopjag gebruik is nie. Breedweg word hierdie getuienis, na my mening, gestaaf deur die getuienis as geheel. Daar was ook die gesprekke tussen die polisie en Van Rensburg, wat toegelaat is om te kom en te gaan soos hy wou.

[63] Mahlangu is deurtastend en vir ure lank gekruisvra. Hy was ongeveer 22 jaar oud toe hy 23 jaar gelede by die Polisie aangesluit het. Hy het graad 12 (standerd 10) op skool geslaag.

[64] Daar was twee blanke polisielede, Potgieter en De Jager, wat deelgeneem het aan die klopjag.

[65] Hy het weer bevestig dat Bekker die R4 deur die venster laat val het. Hy het bevestig dat Bekker probeer wegkom het maar hy is buite die gebou gearresteer en geboei. Adjudant-offisier Tau het hom gearresteer en geboei. Daar is op die R4 beslag gelê. Toe Bekker geboei op die grond lê het Ratte sy verskyning gemaak uit een van die kamers. Hy het sy aanstellingskaart vir Ratte gewys, homself voorgestel en die doel van hulle besoek verduidelik. Hierdie getuienis is nie in geskil nie. Hy het bevestig dat Ratte toestemming gegee het tot die deursoeking. Hy het die stelling betwis dat Ratte sê dat hy nie beweer het dat hy die eienaar is nie.

[66] Die lede wat die visentering hanteer het moes volgens staande orders dit wat hulle op beslag gelê het in hulle sakboeke aanteken. Dit was die ondersoekbeampte se taak om die sakboeke bymekaar te maak maar hy het dit nooit gedoen nie.

[67] Moontlike kritiek oor Mahlangu se getuienis is gesetel in die feit dat hy getuig het dat daar nie aparte slaapkamers in die koshuis was nie maar net groot slaap-sale. Hy het verskil van die besonderhede oor die aparte kamers wat in Ratte se sketsplan (bewysstuk 9/899A) geïllustreer word. Hy het wel op 'n stadium gesê dat hy die een blok deursoek het en van sy kollegas die ander blok. Die slaapkamers is in die

L-vormige blok en die slaap-sale in die ander blok. Dit mag wees dat Mahlangu deur hierdie toedrag van sake verwar is, veral omdat hy vier jaar na die voorval getuig het, maar ek is nie bereid om tot so 'n mate te spekuleer nie. Hierdie oënskynlike kritiek op sy getuienis neem ek in ag by die beoordeling van sy waarde as 'n getuie. Hy het volstaan daarby dat die aangehoudenes meegedeel is dat hulle gearresteer word en van hulle regte bewus gemaak is. Hy het toegegee dat hy nie kon sê presies watter wapen in watter verdagte se besit gevind is nie. Al die wapens is gevind waar al die verdagtes gewoon het (Ratte is die uitsondering). Dit is ook duidelik uit die getuienis dat weinig, indien enige, van die wapens fisies aan die verdagtes se persone gevind is. Dit is bloot tydens die klopjag op die perseel gevind waar dit nie apart in kluise toegesluit was nie. Die uitsondering is Bekker wat op heterdaad met die R4 in sy besit betrap is. Mahlangu het gemeen dat die arrestasies moes plaasvind sodat die saak ondersoek kan word en voor die hof gebring kan word. Dit is inderdaad wat toe gebeur het. Op die toneel is die aangehoudenes gevra vir 'n verduideliking maar geen verduidelikings is aangebied nie. Een van die aangehoudenes, wie se naam die getuie vergeet het, het wel gesê dat hy 'n lisensie vir 'n betrokke rewolwer het en dit is getoon by die voertuig wat by die museum geparkeer was.

[68] Mahlangu is breedvoerig gekruisvra oor die ballistiese verslag, 4/366, waarin ontledings van sommige van die vuurwapens verskyn asook die name van die eienaars en ander inligting. Hierdie verslag is eers in Januarie 2011 opgestel en, myns insiens, irrelevant vir doeleindes van 'n beslissing oor die vraag of die arrestasie wettig was.

[69] 'n Ander area van moontlike kritiek op Mahlangu se getuienis het te doen met die bewoording van artikel 40 van die Strafproseswet. Dit slaan op inhegtenisneming

deur 'n vredesbeampte sonder 'n lasbrief. Dit is 'n lang en omvattende artikel. Mahlangu het matriek gemaak en is nie 'n regsgeleerde nie. In kruisondervraging is hy daaraan herinner dat die verweerder op artikel 40 steun ter stawing van sy saak dat die arrestasie wettig was. Daar word nie gepleit op watter subartikel van artikel 40 gesteun word nie. Dit word wel gepleit dat "the police officials had reasonable belief that plaintiffs were involved and/or were about to be involved in the commission of Schedule 1 offences ..."

Mahlangu is gevra op watter subartikel die verweerder steun. Hy het gesê dat hy nie die teks uit sy kop ken nie en is die geleentheid gegee om dit te lees. Hy het toe gesê dit is "section 40(b)(e)". Die artikel is nie verder met Mahlangu behandel in kruisondervraging nie. Dit is aan hom gestel dat die arrestasie nie voldoen aan die vereistes van artikel 40 nie. Hy het dit betwis. Toe hy gekruisvra is, is hy ook nie meegedeel presies hoe die verweerder gepleit het nie.

Dit is gerieflik om die tersaaklike gedeeltes van artikel 40 aan te haal:

> "**Inhegtenisneming deur vredesbeampte sonder lasbrief.**
>
> 40(1) 'n Vredesbeampte kan iemand sonder lasbrief in hegtenis neem –
>
> (a) ...
>
> (b) wat hy redelikerwys verdink dat hy 'n in Bylae 1 bedoelde misdryf gepleeg het, behalwe die misdryf van ontsnapping uit wettige bewaring;
>
> (c) ...
>
> (d) ...

(e) wat in besit gevind word van enigiets wat die vredesbeampte redelikerwys vermoed gesteelde goed te wees of goed te wees wat op oneerlike wyse verkry is, en wat deur die vredesbeampte redelikerwys verdink word 'n misdryf ten opsigte daarvan te gepleeg het (ek onderstreep);

(f) ...

(g) ...

(h) (wat nie deur Mahlangu genoem is nie) wat redelikerwys verdink word dat hy 'n misdryf pleeg of gepleeg het ingevolge 'n wet wat die vervaardiging, verskaffing, besit of vervoer van sterk drank of van afhanklikheidsvormende medisyne of die besit of beskikking oor wapens of ammunisie reël (ek beklemtoon);

(i) ...

(j) ...

(k) ...

(l) ...

(m) ...

(n) ...

(o) ...

(p) ...

(q) ..."

Dit is moontlik dat die verweerder met oortuiging sou kon steun op artikel 40(1)(e), wat Mahlangu genoem het, of 40(1)(h), wat Mahlangu nie genoem het nie. Ek het die

tersaaklike gedeeltes ondersteun en dit mag wel toepassing vind by die onwettige besit van wapens en ammunisie. Die saak is egter nie so voor my betoog nie, en ek laat dit daar.

[70] Wat betref artikel 40(1)(b), waarop Mahlangu ook gesteun het, en waarop die verweerder blykbaar ook in sy pleit steun, is dit nodig om na Bylae 1 te kyk. Dit sluit misdade soos hoogverraad, sedisie en openbare geweld in asook "'n sameswering, uitlokking of poging om 'n in hierdie Bylae bedoelde misdryf te pleeg". Hierdie gedeelte van Bylae 1 sou die optrede van die aangehoudenes moontlik binne die kader daarvan kon bring op sterkte van wat die informant te sê gehad het. Daar was egter nie aparte getuienis ter stawing van sulke optrede nie en ek neem die saak nie verder nie.

Wat wel verskyn in Bylae 1 is die volgende:

> "'n Oortreding, behalwe die oortreding van ontsnapping uit wettige bewaring in ander omstandighede as die omstandighede onmiddellik hieronder genoem, waarvoor gevangenisstraf vir 'n langer tydperk as ses maande sonder die keuse van 'n boete opgelê kan word."

Die aspek van ontsnapping is nie hier van toepassing nie. Dit is egter duidelik, dat die onwettige besit van wapens en ammunisie 'n baie langer tydperk van gevangenisstraf as ses maande tot gevolg kan hê, by skuldigbevinding aan so oortreding en in hierdie verband kan verwys word na maksimum strawwe wat in Wet 60 van 2000 voorgeskryf word en ook minimum strawwe wat in 'n sekere gedeelte van die Strafregwysigingswet, no 105 van 1997 voorgeskryf word. hierdie bepaling in Bylae

1 het net te doen met statutêre misdrywe, soos hier die geval is. Sien *Areff v Minister van Polisie* 1977 (2) SA 900 (A).

Uit hoofde van die voorgaande is ek van mening dat die verweerder, op die minste, redelikerwys kon steun op die voorskrifte van artikel 40(1)(b), wat hy gedoen het, ter ondersteuning van sy saak dat die arrestasie wettig was.

[71] In die algemeen het ek Mahlangu as 'n goeie en geloofwaardige getuie ervaar, ten spyte van die deurtastende kruisondervraging, die magdom feite wat eie is aan hierdie saak en die verloop van vier jaar tussen die arrestasie en die verhoor.

(vii) Anna Susanna Venter

[72] Sy is verbonde aan die Direktoraat van Openbare Vervolgings (die "DOV"). Haar kantoor is by die DOV in Pretoria maar sy is toegewys as 'n spesiale aanklaer vir Georganiseerde Misdaad vervolgings en gestasioneer te Middelburg.

Sy het 28 jaar diens as 'n aanklaer en belas met vervolgings van sake wat ondersoek word deur die Georganiseerde Misdaad eenheid (die Valke of Direktoraat vir Prioriteitsmisdaad ondersoeke). Sy hanteer die beslissing ten opsigte van die dossiere, naamlik of daar vervolg moet word of nie. Sy gee leiding en advies in "projek ondersoeke", gee opleiding en kla aan in tegniese, ingewikkelde of "projek sake". Sy is een van net twee sulke spesialis aanklaers in Mpumalanga.

Die Valke val onder die SAPD. Die Valke werk soms soos "gewone" speurders met arrestasies en dossiere wat hof toe gaan. Soms word navrae aan die getuie voorgelê

vir haar om te besluit of daar vervolging moet wees, vervolging geweier moet word of verdere navrae gedoen moet word. In die geval van direkte arrestasie (soos hier) word die dossier so gou moontlik, soms oor naweke, soms na ure, of vroeg oggend voor die hofsaak, aan haar of haar kollega voorgelê. Sy moet dan beslis of daar 'n *prima facie* saak uit die dossier uitgemaak word en, indien wel, word die saak te rolle geplaas. Indien nie, word die saak nie te rolle geplaas nie. Sy besluit na die bestudering van die dossier of daar vervolg moet word of nie.

[73] In hierdie geval is die saak oor die naweek, die Saterdag of die Sondag na die Donderdag arrestasie, onder haar aandag gebring. Die provinsiale bevelvoerder van die Valke het haar geskakel. Sy is opgedra om die dossier te bekom en te bestudeer en aan te beveel of daar 'n *prima facie* saak was wat die Maandag in Witbank op die rol geplaas kon word. Die Valke is ook informeel in afdelings verdeel soos bv dwelms en geweldsmisdade. In hierdie geval was dit onder die afdeling geweldsmisdaad.

[74] Nadat sy die dossier bestudeer het, was die getuie van mening dat daar genoegsame getuienis was van gemeenskaplike opset tussen die aangehoudenes wat 'n *prima facie* saak daarstel en sy het besluit om die saak te rolle te plaas. Sy was gedagtig aan die aantal vuurwapens en ammunisie asook die dagga waarop daar beslag gelê is en die feit dat daar op daardie stadium geen lisensies voorgelê is of gevind kon word vir al die wapens nie. Die saak sou geplaas word in die distriks kanalisasiehof te Witbank.

[75] Sy is deur niemand voorgesê of aangesê om die vervolging in te stel nie. Sy het bygevoeg dat dit wel haar gewoonte is, al die jare, om die saak met die ondersoekbeampte of ondersoekspan te bespreek en haar beslissing, wat dit ook al

mag wees, aan hulle te verduidelik. In hierdie geval was die ondersoekbeampte speurder adjudant-offisier Msiza, wat ook getuig het. Sy kon hom nie die naweek in die hande kry nie maar het gereël dat hy haar die Maandag oggend vroeg by die hof te woord staan. Die dossier is die Sondag aan haar oorhandig deur polisielede wat op bystand was vir die naweek.

[76] Die getuie was toe die aanklaer toe die saak op Maandag 4 Oktober 2010 in die distrikshof in Witbank 'n aanvang geneem het. Sy het 'n duidelike onafhanklike herinnering van die verrigtinge gehad en ook haar geheue verfris deur die getikte oorkonde van daardie dag se gebeure, asook dié van 11 Oktober te bestudeer. Hierdie oorkonde is te vinde in die rekord op 5/409 en verder.

[77] Wat op 4 Oktober in die hof gebeur het is kortliks die volgende: die beskuldigdes het in persoon verskyn. Hulle regsverteenwoordiger, mnr Mostert, was afwesig. Die geleerde landdros het die saak laat afstaan en die getuie, me Venter, het haar selfoon beskikbaar gestel vir Ratte om die prokureur te bel. Sy het self ook met hom gepraat. Dit het geblyk dat die dringende aansoek in die Hooggeregshof nog nie afgehandel was nie. Daar is ooreengekom dat die saak vir 'n week uitgestel sou word tot 11 Oktober. Daar is verder ooreengekom dat, indien die aansoek in die Hooggeregshof suksesvol sou wees, of indien daar 'n ander behoefte daartoe sou ontstaan, die saak voor 11 Oktober aangehoor kon word om die aangehoudenes die geleentheid te gee om vir borg aansoek te doen. Hierdie reëling is deur Ratte teenoor die hof bevestig. Die saak is toe by ooreenkoms uitgestel na 11 Oktober 2010. Soos ek reeds gesê het, het die aansoek in die Hooggeregshof misluk en is die aangehoudenes ook oorgeplaas na die Paxton gevangenis waar dit beter gegaan het

met hulle. Mnr Mostert het nooit teruggekom na die getuie om bv die verhoor te vervroeg vir doeleindes van 'n borg aansoek nie.

[78] Die saak is toe voortgesit op 11 Oktober. Blykens die oorkonde (rekord 5/416 en verder) en me Venter se getuienis, was sy toe steeds die aanklaer en die beskuldigdes is verteenwoordig deur adv J van Wyk. Die opdraggewende prokureur, mnr D Mostert, was ook teenwoordig in die hof, blykens die oorkonde.

Namens Ratte is die hof meegedeel dat Ratte op daardie stadium "enige borg aansoek abandoneer". Deurgaans strook me Venter se getuienis met wat in die oorkonde staan. Met betrekking tot beskuldigdes 2 tot 10 het die staat 'n voorstel aan die verdediging gemaak dat daar ondersoek ingestel moet word na die toepassing van artikel 62(f) van die Strafproseswet met die oog daarop om die beskuldigdes "in huisarres onder korrektiewe toesig" te plaas. Die senior aanklaer van Witbank, mnr Mavundla, wat ook later in die saak verskyn het en getuig het, het reeds met Korrektiewe Dienste reëlings getref om die nodige uitvoerbaarheidsondersoek vir die hof te doen en vas te stel of die adres waar die beskuldigdes woonagtig gaan wees moniteerbaar sou wees.

Artikel 62 lees soos volg:

> **"Hof kan verdere borgvoorwaardes byvoeg**
>
> 62. 'n Hof voor wie 'n aanklag hangende is ten opsigte waarvan borgtog toegestaan is, kan in enige stadium, hetsy die borgtog deur daardie hof of 'n ander hof toegestaan is, op aansoek van die aanklaer 'n verdere borgvoorwaarde byvoeg –
>
> (a) ...

(b) ...

(c) ...

(d) ...

(e) ...

(f) wat bepaal dat die beskuldigde onder toesig van 'n proefbeampte of 'n korrektiewe beampte geplaas word."

Streng gesproke, blyk dit dat die artikel toepassing vind onder omstandighede waar borg reeds toegestaan is, wat nog nie hier die geval was nie, maar in elk geval het die partye ooreengekom om hierdie roete te volg en was die korrektiewe beampte, mnr Lock, reeds opgedra om die nodige navorsing te doen. Advokaat Van Wyk het die reëling namens die beskuldigdes bevestig en die saak is toe uitgestel tot die Vrydag, 15 Oktober vir die nodige formaliteite om afgehandel te word. Daar is spesifiek ooreengekom, onder die omstandighede, dat daar nie vir borg aansoek gedoen sou word op 11 Oktober nie.

[79] Op 15 Oktober het hierdie getuie, me Venter, nie weer aangekla nie, maar is sy vervang deur mnr Mavundla. Die uitvoerbaarheid-studie was gunstig uit die oogpunt van al die betrokkenes en al die beskuldigdes, met die uitsondering van Ratte en Bekker, is op hulle eie verantwoordelikheid vrygelaat onderworpe aan sekere voorwaardes wat vir almal aanvaarbaar was.

[80] Op 15 Oktober is dit ook op rekord geplaas dat Ratte nie voortgaan met 'n borg aansoek nie. Bekker, wat in elk geval nie een van die eisers in hierdie saak is nie, is ook later, na sy pleit van skuldig, soos ek reeds verduidelik het, effektiewelik tot ses

maande gevangenisstraf gevonnis. Ek het ook reeds genoem dat Ratte op 1 November, op advies van sy regsverteenwoordigers, op 'n onbestrede basis op borg van R2 000,00 vrygelaat is. Soos ek reeds gesê het, was Ratte ook op 'n eetstaking, die getuie was nie verder gemoeid met die saak nie.

[81] Die getuie is deurtastend gekruisvra. Sy het bevestig dat sy haar besluit ten opsigte van 'n *prima facie* saak geneem het op sterkte van wat in die dossier was en haar gesprek met die ondersoekspan. As sy nie gedink het dat daar 'n *prima facie* saak was nie, sou sy dit nie te rolle geplaas het nie. Dit is weer eens geboekstaaf dat die verskyning op 4 Oktober betyds was en binne die voorgeskrewe tydperk van 48 uur soos bepaal in artikel 50 van die Strafproseswet.

[82] In kruisondervraging is daar sekere stellings aan die getuie gemaak gebaseer op die feite soos die verweerders daarop gesteun het soos bv dat hulle nie almal teenwoordig was tydens die deursoeking nie, daar nie bepaal kon word watter wapens aan wie behoort nie, Bouwer wapens besit het wat aan sy suster behoort het maar met haar toestemming (iets waarvoor Bouwer in elk geval skuldig bevind en gevonnis is) en dat lisensies nie vir al die wapens nodig was nie. Dit is ook gestel dat die R4 ooglopend aan Bekker behoort het en dat hy dit deur die venster gegooi het en Ratte het nie eers op die perseel gebly nie. Dit is gestel dat met hierdie feite in gedagte, as dit alles aan die aanklaer oorgedra sou wees, sy nie sou besluit het om aan te kla nie. Die getuie het oortuigend en volledig hierop geantwoord. In die eerste plek is daar nie 'n regs voorskrif dat 'n verdagte teenwoordig moet wees by 'n deursoeking nie. So 'n toedrag van sake sou haar nie genoop het, in hierdie besondere geval, om te weier om te vervolg nie. In die tweede plek gebeur dit bykans daagliks in laerhowe dat bv een of

twee vuurwapens gevind word en meer as een of twee beskuldigdes aangekla word. Dit hang af van die spesifieke omstandighede. Die blote feit dat enkele vuurwapens gevind is en dat daar tien beskuldigdes is, is, onder hierdie omstandighede, op so 'n vroeë stadium nie deurslaggewend nie. Waar hierdie voorval "in koshuis verband" plaasgevind het is dit sonder verdere ondersoek bykans onmoontlik om te sê wat behoort aan watter inwoner. In die derde plek moes die toestemmingsbriewe, as dit aan die polisie oorhandig sou gewees het wat dit nie destyds was nie, in alle opsigte aan die bepalings van Wet 60 van 2000 voldoen het, wat nie hier die geval was nie. In die vierde plek, die feit dat iemand 'n vuurwapen by 'n venster uitgooi is nie opsigself klinkklare bewys dat die uitgooier die onwettige eienaar daarvan is nie, veral nie in 'n koshuis opset nie. In die vyfde plek was daar ook aanduidings dat die perseel onder die beheer van Ratte was. Sy onthou ook dat daar aanduidings in die dossier was dat die inwoners (verdagtes) moontlik besig was met aktiwiteite as 'n groep en dat wapens tydens die groeps-aktiwiteite gebruik was.

[83] In 'n neutedop, so het die getuie haar antwoorde op hierdie proposisies afgesluit, sou sy steeds die saak te rolle geplaas het. Die vraag soos sy dit al die jare vertolk het, is nie op so 'n vroeë stadium of daar getuienis bo redelike twyfel teen 'n gearresteerde bestaan nie maar of daar genoegsame getuienis is wat 'n terolleplasing regverdig en wat met behulp van verdere ondersoek sou kon lei tot 'n saak bo redelike twyfel.

Sy het bygevoeg dat dit algemene praktyk is dat by 'n eerste of tweede of selfs derde uitstel 'n saak spesifiek uitgestel word vir verdere ondersoek.

[84] Me Venter het bevestig dat sy die Maandag oggend vroeg ook 'n lang gesprek gehad het met Msiza en met laasgenoemde se bevelvoerder, kolonel Steenkamp, ten einde haar behoorlik self te vergewis van die feite en die beskikbare inligting.

[85] Me Venter was 'n geloofwaardige, en uiters indrukwekkende getuie. Ek vind geen basis waarop haar hantering van die saak en haar beslissing om te vervolg regtens gekritiseer kan word nie.

Ek vind ook geen basis, hoegenaamd, op die getuienis dat sekere polisielede

> "onregmatig versuim het om voldoende stappe te neem om die aanklaer (synde me Venter) wat in die hofverrigtinge waarin die eisers verskyn het, in te lig van feite wat die aanhouding van die eisers ongeregverdig maak en sodoende te verhoed dat die eisers na hierdie verskyning (die eerste verskyning op 4 Oktober) in die landdroshof verder aangehou word, ten spyte daarvan dat hulle 'n regsplig gehad het om sodanige stappe te neem as gevolg van welke versuim al die eisers verder onregmatig aangehou is totdat ... hulle op 15 Oktober 2010 en die eerste eiser op 1 November 2010 uit die onregmatige aanhouding vrygelaat is deur die hof nie."

Dit is hoe die besonderhede van eis (paragraaf 10) lees.

Soos ek reeds verduidelik het, was die verdere aanhouding na 4 Oktober by ooreenkoms tussen al die partye en ook omdat die eisers se regsverteenwoordigers op 4 Oktober nie gereed was om 'n borg aansoek te loods nie maar steeds hulle hoop gevestig het op die dringende aansoek in die Hooggeregshof.

Teen hierdie agtergrond, en vir al die redes wat genoem is, sien ek geen meriete hoegenaamd in die skadevergoedings eise voortspruitend uit hierdie beweerde verdere onregmatige aanhouding nie. Ratte se eis in hierdie verband is boonop wangefundeer omdat hy nie bereid was om aansoek te doen vir borg nie maar eerder besluit het om op 'n eetstaking te gaan.

(viii) Fanie Censors Mavundla

[86] Hy is die senior staatsaanklaer by die Witbank landdroshof met 14 jaar diens. Hy verskyn ook soms as aanklaer in opdrag van die Nasionale Vervolgingsgesag. As senior aanklaer moet hy soms besluit of daar vervolg moet word of nie. Me Venter is sy kollega. Hy het op 15 Oktober, soos ek reeds gesê het, die verskyning waargeneem. Op sy siening van die saak, was die vervolging geregverdig. Hy het die dossier bestudeer. Hy is nie deur die polisie beïnvloed of voorgeskryf wat om te doen nie. Hy ken sy werk en het die beslissing gesteun uit hoofde van sy hoedanigheid as die aanklaer.

Hy het getuig oor die uiteindelike borg vir Ratte, die feit dat die verweerders vertoë aan die DOV gerig het, vergaderings wat gehou is in hierdie verband en die besluit om die balans van die klagtes terug te trek nadat die ander beskuldigdes skuldig gepleit het.

[87] Hy is ook deurtastend gekruisvra. Te alle tye was die staat gereed om met die verhoor aan te gaan. Dit is geplaas vir verhoor in die streekhof en hulle het ook getuienis gehad oor die gemeenskaplike besit van die wapens deur die betrokke beskuldigdes. Die sleutelgetuie hieroor het egter verdwyn. Ek meen nie dat hierdie getuie enigsins

gediskrediteer is in kruisondervraging nie. Myns insiens het hy niks gesê wat die eisers se saak kan bevoordeel nie.

(ix) Sana Lukas Mashiyane

[88] Hierdie getuie is 'n brigadier in die polisie en reeds sedert 1985 'n lid van die polisie. Op 30 September was hy te Witbank gestasioneer as die stasiebevelvoerder. Hy het toe reeds die rang van brigadier gehad.

[89] Deel van sy verpligtinge en verantwoordelikhede was om toe te sien tot die streng nakoming van "staande order 28" wat te doen het met die dag tot dag bestuur van 'n polisiestasie en die toestande waaronder verdagtes aangehou word.

[90] Volgens hom was die selle, in die algemeen, geskik vir behoorlike huisvesting. Die nege selle kon in totaal 110 gevangenes huisves. Sommige selle was groter as die ander. Klagtes word in die SAP voorvalle boek aangeteken. Volgens hom was daar behoorlike nakoming en het hy ook die kombuis van tyd tot tyd geïnspekteer. Hy het aangevoer dat daar genoeg matte en komberse was.

[91] In kruisondervraging het die getuie bewerings aan hom oor swak toestande in die selle betwis.

[92] Alhoewel hierdie getuie 'n bevredigende indruk gemaak het, is ek ook gedagtig aan die getuienis van Ratte, De Beer en Meyer oor die ontoereikende toestande wat in die selle geheers het. Daar is botsende weergawes. Ek maak nie 'n beslissing oor die toestande een kant toe of die ander kant toe nie. Ek meen nie dat hierdie getuienis oor

hierdie onderwerp direk relevant is tot die vraag of die arrestasie en aanhouding regmatig en wettig was nie.

(x) Steve Msiza

[93] Hy is 'n adjudant-offisier en reeds 28 jaar in die polisie. Op 30 September 2010 was hy verbonde aan die Gewelds Misdaad afdeling in Middelburg. Hy was 'n speurder. Toe was sy rang ook dié van adjudant-offisier.

[94] Hy is die ondersoekbeampte in hierdie saak. Hy het die dossier ontvang, bestudeer en vir die hof voorberei. Dit was onder Witbank CAS949/9/2010. Hy het nie persoonlik veel kennis van die saak nie en was ook nie betrokke by die klopjag van 30 September nie. Hy het die dossier bestudeer en die Maandag by die hek 'n gesprek met die aanklaer, me Venter, asook met die senior aanklaer mnr Mavundla, gevoer. Mavundla het ook nog tyd nodig gehad om die dossier te bestudeer.

[95] Hy het ook later die wapens na die forensiese eenheid in Silverton geneem vir ballistiese ondersoek. Dieselfde geld die dagga. Hy het getuie-verklarings ingewin en getuies opgespoor. Die rekenaars het hy na rekenaar deskundiges geneem. Verslae wat hy teruggekry het, het hy in die dossier geliasseer. By al die hofverskynings was hy teenwoordig. Hy was betrokke by samesprekings oor borg, dieselfde geld die reëling in terme van artikel 62(f) toe die res van die beskuldigdes op eie verantwoordelikheid vrygelaat is. Vir doeleindes van sy ondersoek het hy ook een of twee keer teruggegaan na die plaas.

Hy het van die vergaderings bygewoon toe die verdediging vertoë aan die DOV gerig het. Die aanklaer was ook teenwoordig.

[96] Hierdie getuie is ook onderwerp aan deurtastende kruisondervraging. Hy is uitgevra oor die waarskuwings-verklarings waarin die beskuldigdes aangedui het dat hulle wou swyg. Van hierdie verklarings het hy self afgeneem en in ander gevalle was hy die Kommissaris van Ede. Hierdie feite neem die saak nie verder nie.

Op 4 Oktober was hy by die hof en gereed vir 'n borg aansoek. Soos ek reeds genoem het, het dit toe nie plaasgevind nie.

[97] Van die langdurige kruisondervraging het bv 'n lang debat behels oor die vraag of Ratte die geregistreerde eienaar van die plaas kon wees. Van die getuienis tot die effek dat Ratte gesê het hy is die eienaar het onder die loep gekom.

[98] Die getuie is 'n paar keer, myns insiens onbillik, daarvan beskuldig dat hy eintlik net daarop uit was om skuldigbevindings te bewerkstellig en nie werklik die ondersoek objektief en behoorlik gedoen het nie. Die getuie se antwoord hierop was dat hy 'n brief ontvang het van die verdediging (moontlik prokureur De Klerk) waarin waardering uitgespreek word vir sy regverdigheid en professionele optrede ("fairness and professionalism") tydens die ondersoek. Hierdie bewering is nie teengespreek in die kruisondervraging nie.

[99] Hy is, met respek, tot vervelens toe uitgevra oor 'n sketsplan wat ene adjudant-offisier Ainslee moes voorberei het. Ek kan nie sien hoe hierdie getuienis die saak enigsins kan verder voer nie.

[100] Hy is lank uitgevra oor die vuurwapens ten opsigte waarvan Bouwer skuldig gevind en gevonnis is wat eintlik aan Bouwer se suster, me Du Plessis, behoort het. Die getuie het die hof meegedeel dat hy inderdaad 'n verklaring van me Du Plessis bekom het. Na die afsterwe van hulle ouers het haar jonger broer Bouwer die wapens geneem maar dit was in haar naam geregistreer. Hy is toe weg met die wapens. Daar is geen aanduiding in haar verklaring dat sy 'n skriftelike "magtiging" vir haar broer gegee het om die wapens te besit nie. Dit is wat namens die broer aangevoer is. Die "magtiging" wat deur die verdediging voorgelê is, is nie deur me Du Plessis geteken nie. Al hierdie getuienis is eintlik irrelevant. Bouwer is ook nie een van die eisers nie. Ek het reeds verwys na die vonnis wat Bouwer opgelê is en die feit dat hy aan verskeie klagtes skuldig bevind is. Die oorkonde is te vinde by 6/653 en verder.

[101] Hy het ook getuig oor die feit dat die vuurwapens nie toegesluit was nie. Hierdie getuienis is nie in geskil nie. Hy het getuig oor die oënskynlike gesamentlike besit deur die beskuldigdes van die wapens en ammunisie wat nie weggesluit was nie en wat oral op die perseel gevind is.

[102] Getuienis deur hom is ook ontlok in kruisondervraging oor 'n verklaring wat hy van 'n blanke dame ingewin het wat sedertdien na die Oos-Kaap verhuis het. Sy hoorsê getuienis oor die inhoud van die verklaring is in kruisondervraging ontlok. Onder hierdie omstandighede is dit toegelaat. Volgens hierdie verklaring het die dame se

seun onder die indruk verkeer dat hy by Balmoral opgelei sou word in ambagte soos loodgieter werk, ens maar toe hy daar kom is hy onderwerp aan militêre opleiding, skyfskiet, ens en Ratte was in bevel.

[103] Hy is ook breedvoerig ondervra oor verskille in die adresse wat na bewering deur Ratte aan die polisie gegee is. Ek meen nie dit is nodig om verder hieroor uit te wei nie.

[104] In herondervraging het die getuie ook die eedsverklaring wat hy van me Du Plessis, Bouwer se suster, geneem het, geïdentifiseer. Dit is te vinde op 9/855 en verder. Die inhoud van hierdie verklaring strook met Msiza se getuienis. Die suster maak geen melding daarvan dat sy na bewering skriftelik "magtiging" aan haar broer verleen het om die wapens te besit nie.

[105] In die algemeen het Msiza my beïndruk as 'n bevredigende en 'n geloofwaardige getuie. Na sy getuienis is die verdediging se saak gesluit.

[106] Ek gaan nou daartoe oor om 'n paar slot opmerkings te maak.

<u>Was die deursoeking wettig en regmatig?</u>

[107] Ek het reeds hierdie onderwerp behandel toe die getuienis opgesom is.

[108] Ek het die bewoording van artikel 25(3) van die Strafproseswet reeds aangehaal.

[109] Ek het ook genoem dat Mahlangu se getuienis onbetwis is dat hy aansoek gedoen het vir 'n visenterings lasbrief, geglo het dat dit toegestaan sou word en terwyl hy daarvoor gewag het, 'n oproep van die informant ontvang het dat 'n verdere vertraging sou lei tot verydeling van die beoogde klopjag.

[110] In hierdie betrokke saak, is daar geen rede om hierdie onbetwiste getuienis van Mahlangu te betwyfel nie. Dit word aanvaar. Daar is ook geen oënskynlike rede, op die oorweldigende waarskynlikhede, waarom die landdros nie die lasbrief sou toegestaan het in die normale loop van sake nie.

[111] Onder die omstandighede bevind ek dat Mahlangu en sy kollegas geregtig was om, in terme van die voorskrifte van artikel 25(3), sonder 'n lasbrief die deursoeking te doen.

[112] Ek het ook reeds, by ontleding van die getuienis, daarop gewys dat daar sterk aanduidings is dat Ratte toegestem het tot die visentering. As dit gebeur het, is die visentering sonder 'n lasbrief in elk geval regmatig ingevolge die voorskrifte van artikel 22 van die Strafproseswet. Die redes vir my gevolgtrekking, op die waarskynlikhede, dat Ratte toegestem het tot die deursoeking het ek genoem. Dit sluit in die feit dat Ratte, op sy eie weergawe, gehelp het om die rooi sleepwa te visenteer, die inhoud uit te pak en van die items weer terug te pak. Dit is inherent onwaarskynlik dat die verdedigings getuies hulle weergawe sal fabriseer dat Ratte die honde wat op die plaas was in 'n Kombi toegesluit het om die honde-eenheid ter wille te wees. Ratte was in beheer en dit is gemene saak dat hy gesprekke met die polisie gevoer het. Daar is geen aanduiding dat hy hulle probeer verhoed het om die visentering te doen nie.

[113] Nietemin, as hierdie gevolgtrekking van my verkeerd is, bly die visentering geldig vanweë die voorskrifte van artikel 25(3).

[114] Die eis om skadevergoeding gebaseer op die beweerde onregmatige visentering kan derhalwe nie slaag nie.

Was die arrestasie wettig en regmatig?

[115] As die verweerder die arrestasie en aanhouding erken (soos hier) moet die verweerder beweer en bewys dat dit wettig ("lawful") was – sien *Amler's Precedents of Pleadings* 7de uitgawe, deur Harms, op p46-47 en die gesag daar aangehaal.

[116] In die pleit, het die verweerder spesifiek aangevoer dat die arrestasie wettig was, so ook die gevolglike aanhouding, en hom onder andere beroep op die voorskrifte van artikel 40 van die Strafproseswet.

[117] By ontleding van Mahlangu se getuienis, het ek reeds hierdie onderwerp behandel en ook die tersaaklike gedeeltes van artikel 40 aangehaal. Dit is nie nodig om dit te herhaal nie.

[118] Vir die redes wat ek genoem het, bevestig ek my bevinding dat Mahlangu, as die arresterende offisier, binne die kader van artikel 40 se voorskrifte opgetree het en dat die arrestasie gevolglik wettig en regmatig was. In hierdie sin het die verweerder, myns insiens, die bewyslas wat op hom gerus het gekwyt. Dieselfde geld die aanhouding tot Maandag 5 Oktober 2010.

[119] Die aanhouding het ook geskied binne die bepalings van artikel 50 van die Strafproseswet deurdat die eisers binne die voorgeskrewe tydperk van 48 uur, soos dit hier bereken moet word, voor die hof gebring is. Toe dit gebeur het, het die gesag van die verweerder om die eisers aan te hou tot 'n einde gekom en oorgegaan op die diskresie van die hof. In hierdie verband word die volgende gesê in die toonaangewende uitspraak op hierdie onderwerp, *Minister of Safety and Security v Sekhoto* 2011(1) SASV 315 (HHA) op 331b-d:

> "While it is clearly established that the power to arrest may be exercised only for the purpose of bringing the suspect to justice, the arrest is only one step in that process. Once an arrest has been effected, the peace-officer must bring the arrestee before a court as soon as reasonably possible; and at least within 48 hours, depending on court hours. Once that has been done, the authority to detain, that is inherent in the power to arrest, is exhausted. The authority to detain the suspect further is then within the discretion of the court."

[120] Myns insiens, is een van die belangrikste vrae wat beantwoord moet word, in 'n geval soos hierdie, of die arresterende offisier sy diskresie om te arresteer behoorlik en regmatig uitgeoefen het. Die regsposisie word soos volg uitgespel deur die geleerde Appèlregter, Harms AP, in *Sekhoto* op 330d-f:

> "But even if this Act (in hierdie geval PAJA) does not apply, it remains a general requirement that any discretion must be exercised in good faith, rationally and not arbitrarily.
>
> This would mean that peace-officers are entitled to exercise their discretion as they see fit, provided that they stay within the bounds of rationality. The

standard is not breached because an officer exercises the discretion in a manner other than that deemed optimal by the court. A number of choices may be open to him, all of which may fall within the range of rationality. The standard is not perfection or even the optimum, judged from the vantage of hind-sight – so long as the discretion is exercised within this range, the standard is not breached."

- Sien die gesag wat aangehaal word in voetnoot 38.

In *Sekhoto*, op 331f-332b word die volgende ook gesê:

"While the purpose of the arrest is to bring the suspect to trial, the arrestor has a limited role in that process. He or she is not called upon to determine whether the suspect ought to be detained pending a trial. That is the role of the court (or in some cases a senior officer – sien voetnoot 40 wat nie hier van toepassing is nie). The purpose of the arrest is no more than to bring the suspect before the court (or the senior officer) so as to enable that role to be performed. It seems to me to follow that the enquiry to be made by the peace-officer is not how best to bring the suspect to trial: the enquiry is only whether the case is one in which that decision ought properly to be made by a court (or the senior officer). Whether its decision on that question is rational naturally depends upon the particular facts, but it is clear that in cases of serious crime – and those listed in Schedule 1 are serious, not only because the legislature thought so – a peace-officer could seldom be criticised for arresting a suspect for that purpose. On the other hand, there will be cases, particularly where the suspected offence is relatively trivial, where the circumstances are such that it would clearly be irrational to arrest." (Ek beklemtoon.)

[121] In hierdie geval, was dit 'n ernstige saak, soos voorgedra deur die informant. Toe die polisie op die toneel kom kry hulle die "meevallertjie", soos manna uit die hemel, met Bekker wat in die venster verskyn met die R4 en dit dan deur die venster uitgooi en probeer ontsnap. Daarna word daar op 'n groot aantal wapens en ammunisie beslag gelê. Die wapens is nie weggesluit nie en word op verskeie plekke in die koshuis gevind. Daar is dagga, messe, pangas en rekenaars. Daar is 'n paradegrond en 'n vlagpaal. Daar is weermag uniforms en weermag stewels. Daar is die inligting deur die informant dat militêre opleiding gedoen word en dat daar planne is om die owerheid omver te werp. Dit is gemene saak dat die informant se inligting gewoonlik betroubaar is. Daar is die moontlikheid dat Mike Hough ook 'n stuiwer in die armbeurs gegooi het.

Mahlangu het by herhaling gesê dat hy gemeen het al die inwoners moet gearresteer word sodat die saak voor 'n hof kan kom en verdere ondersoek werk gedoen kan word. Dit strook met die toets in *Sekhoto* soos ek dit aangehaal het. Dit strook ook met die getuienis van aanklaer Venter.

[122] Teen hierdie agtergrond, kan ek nie sien hoe dit gesê kan word dat Mahlangu sy diskresie onbehoorlik, onregmatiglik of irrasioneel uitgeoefen het nie.

Van kardinale belang, myns insiens, is die feit dat die bewyslas op die eisers rus om aan te toon dat die diskresie nie behoorlik uitgeoefen is nie – sien *Sekhoto* op 332g-333e. Op 333a-b word die volgende gesê:

> "Does the Constitution require another approach? I think not. A party who alleges that the constitutional right has been infringed bears the *onus*. The general rule is also that a party who attacks the exercise of discretion, where the jurisdictional facts are present, bears the *onus* of proof. This is the position whether or not the right to freedom is compromised. For instance, someone who wishes to attack an adverse parole decision bears the *onus* of showing that the exercise of discretion was unlawful. The same would apply when the refusal of presidential pardon is in issue."

Wat betref die verwysing na die "jurisdictional facts" meen ek dat die jurisdiksionele vereistes in hierdie geval teenwoordig is. Hulle is die volgende, soos uitgespel in *Sekhoto* op 320h-321b:

> "As was held in *Duncan v Minister of Law and Order* (1986 2 SA 805 (A) op 818G-H), the jurisdictional facts for a section 40(1)(b) defence are that
>
> (i) the arrestor must be a peace-officer;
>
> (ii) the arrestor must entertain a suspicion;
>
> (iii) the suspicion must be that the suspect (the arrestee) committed an offence referred to in Schedule 1; and
>
> (iv) the suspicion must rest on reasonable grounds."

[123] Ek meen nie dat die eisers hierdie bewyslas gekwyt het nie. Eintlik is ek van oordeel dat hulle nie werklik gepoog het om hierdie bewyslas te kwyt nie. Die toets in *Sekhoto*, wat aangewend moet word om te oordeel of die arresteerder sy diskresie behoorlik uitgeoefen het, is ook nie aangespreek in betoogshoofde wat aan my voorgelê is nie.

[124] Laastens, op hierdie onderwerp, moet ek verwys na 'n argument wat die eisers aangebied het wat slaan op die wettigheid, of gebrek daaraan, van die arrestasie. Dit is 'n betoog wat gebaseer is op die voorskrifte van artikel 39(2) van die Strafproseswet wat soos volg lees:

> "(2) Die persoon wat 'n inhegtenisneming uitvoer, moet, ten tyde van die uitvoering van die inhegtenisneming of onmiddellik nadat die inhegtenisneming uitgevoer is, die gearresteerde persoon meedeel wat die rede vir die inhegtenisneming is of, in die geval van 'n inhegtenisneming wat uit hoofde van 'n lasbrief geskied, op versoek van die gearresteerde persoon 'n afskrif van die lasbrief aan hom oorhandig."

[125] Daar is betoog dat die polisie nie op die plaas reeds vir die aangehoudenes meegedeel het waarom hulle gearresteer is en hulle regte aan hulle verduidelik het nie. Trouens, by geleentheid is daar betoog dat hulle glad nie gearresteer is nie maar inderdaad "ontvoer" is. Daar is geen meriete in hierdie argument nie. Soos ek reeds gesê het, word daar uitdruklik gepleit, in paragraaf 8 van die besonderhede van eis, dat die eisers by die koshuis gearresteer is om ongeveer 14:00 op die betrokke dag. Ratte het ook vir Van Rensburg gesê dat hulle gearresteer word. Mahlangu het by herhaling gesê dat die arrestasie op die plaas plaasgevind het en dat die eisers van hulle regte vergewis is, asook die rede vir die aanhouding. Die vierde en vyfde eisers het hierdie stellings van Mahlangu betwis.

[126] Die onderwerp word kortliks bespreek in Hiemstra *Suid-Afrikaanse Strafproses* 7de uitgawe deur Albert Kruger op 103. Breedweg kom dit daarop neer dat as die aangehoudene weet wat die rede is vir die inhegtenisneming, 'n formele mededeling nie noodsaaklik is nie. Dieselfde geld in 'n geval waar iemand op heterdaad betrap word, soos, byvoorbeeld, Bekker en, in hierdie geval, waar die wapens en die ammunisie in die besit van die inwoners gevind is. Die onderwerp word ook bespreek in *S v Dladlha* 1975 1 SA 762 (TPA) waar die gearresteerde in besit van 'n hoeveelheid dagga gevind is. Die gelykluidende artikel van die vorige Strafproseswet, Wet 56 van 1955, was artikel 26 wat hier onder die loep gekom het. Dit het soos volg gelees:

> "Wanneer iemand 'n ander persoon sonder lasbrief in hegtenis neem, moet hy aan die persoon wat in hegtenis geneem word die rede vir die inhegtenisneming onverwyld meedeel."

Op 764H word die volgende gesê:

> "Waar hy egter in hegtenis geneem word in omstandighede waar dit heeltemal duidelik vir hom moet wees wat die rede vir sy inhegtenisneming is, sou dit uiters gekunsteld wees om aan te dring op 'n letterlike nakoming van die Wetsbepaling. In die huidige geval is die beskuldigde deursoek en dagga is in sy besit gevind, waarop hy in hegtenis geneem is. Daar kon by hom geen twyfel gewees het dat hy in hegtenis geneem word vir die besit van die dagga nie ... In sulke omstandighede word die inhegtenisneming, wat aanvanklik regmatiglik geskied het, na my mening nie daarna omskep tot 'n onregmatige inhegtenisneming as gevolg van die feit dat daar nie letterlik voldoen is aan die

vereiste van artikel 26 nie. Die omstandighede van die geval het die nakoming van die artikel oorbodig en onnodig gemaak ..."

In hierdie geval, al sou dit gesê kan word dat dit nie op 'n oorwig van waarskynlikhede vasstaan dat die eisers "onmiddellik" na die inhegtenisneming meegedeel is wat die rede daarvoor is nie, moes hulle, op die waarskynlikhede, soos in *Dladlha*, geweet het wat die rede vir die inhegtenisneming is. Ek het reeds na Bekker se geval verwys. Dit is duidelik, op die oorwig van die getuienis, dat die beslaglegging op die wapens en die ammunisie, die hoof doel van die klopjag, en die arrestasie moes gewees het. Dit sluit ook in die dagga en ander items.

In elk geval, is dit gemene saak dat die gevangenes binne 'n uur of wat by die polisiestasie aangekom het waar die proses in werking gestel is om hulle van hulle regte te vergewis en waarskuwings verklarings te laat aflê.

Daar is op geen stadium voor my betoog dat enige van die eisers benadeel is omdat hulle nie betyds meegedeel is wat die rede vir die arrestasie is of wat hulle regte is nie. Hulle regsverteenwoordigers het reeds vroeg die middag (om ongeveer 16:00) by die polisiestasie opgedaag.

[127] Ek neem ook, vir doeleindes van hierdie redenasie, die voorskrifte van artikel 35 van die Grondwet in ag: artikel 35(1)(b) bepaal dat die gearresteerde die reg het

"to be informed promptly –

(i) of the right to remain silent; and

(ii) of the consequences of not remaining silent."

En artikel 35(2)(a) bepaal dat 'n aangehoudene, insluitende 'n gevangene wat reeds gevonnis is, die reg het om "promptly" meegedeel te word van die rede waarom hy aangehou word.

Ek meen nie dat enige van hierdie voorskrifte op so 'n wyse in hierdie betrokke geval toegepas kan word dat dit gesê kan word dat die arrestasie en aanhouding nie wettig en regmatig was nie.

[128] Onder hierdie omstandighede, en vir die redes wat ek genoem het, het ek tot die gevolgtrekking geraak dat die arrestasie van die eisers wettig en regmatig was. Die eise om skadevergoeding wat ten opsigte van die arrestasie ingestel is kan daarom nie slaag nie.

<u>Die aanhouding tot 4 Oktober 2010</u>

[129] Ek het reeds sekere opmerkings hieroor gemaak.

[130] Soos ek aangedui het, is die eisers voor die hof gebring binne die voorgeskrewe tydperk van 48 uur soos bedoel in artikel 50 van die Strafproseswet.

[131] In hierdie tydperk, vanaf die Donderdag middag tot die Maandag oggend, is geen poging deur die eisers aangewend om bv 'n dringende borg aansoek voor 'n landdros te loods nie. Die roete wat gevolg is, was om 'n dringende aansoek in die Hooggeregshof aanhangig te maak. Hierdie aansoek is van die hand gewys. Die eisers is vanaf die Donderdag middag of aand reeds toegelaat om met hulle

regsverteenwoordigers te konsulteer, en hulle het ook verklarings in hierdie tydperk afgelê.

[132] Indien dit bewese bevind sou wees dat die aanhouding van die eisers in die polisieselle substandaard was, soos verduidelik deur bv De Beer en Meyer, en betwis deur die brigadier, sou sodanige onvanpaste behandeling van die aangehoudenes, myns insiens, nie die wettigheid van die aanhouding beïnvloed nie. Indien dit bevind sou wees dat die aanhouding as sodanig onwettig was, kon die omstandighede waaronder die aanhouding geskied het moontlik 'n invloed gehad het op die *quantum* van 'n suksesvolle eis om skadevergoeding.

[133] Op die oorwig van die getuienis, was die aanhouding daarop gemik om die aangehoudenes (insluitende die eisers in hierdie geval) voor die hof te bring vir doeleindes van verdere ondersoek en 'n beslissing. Dit strook met die toets soos voorgeskryf in *Sekhoto* op, bv, 331f-i.

[134] Vir al hierdie redes het ek tot die gevolgtrekking geraak dat die aanhouding van die eisers vir hierdie betrokke tydperk tot 4 Oktober 2010 wettig en regmatig was. Enige eis om skadevergoeding vir hierdie tydperk van aanhouding kan dus nie slaag nie.

<u>Die aanhouding van die tweede, derde, vierde en vyfde eisers vanaf 4 Oktober tot 15 Oktober</u>

[135] Hierdie aanhouding het geskied in terme van die diskresie en magte van die hof. Die verweerder het daar niks mee te doen gehad nie. Hierdie beginsel is verduidelik in *Sekhoto* op 331a-d soos ek reeds verduidelik het. In 'n gepaste geval kon 'n skadevergoedings eis vir hierdie tydperk van aanhouding moontlik teen die Nasionale

Vervolgingsgesag of die Minister van Justisie ingestel gewees het. Vir die redes wat ek genoem het sou daar, myns insiens, in elk geval nie meriete in so eis gewees het nie.

[136] Die uitstel vanaf 4 Oktober na 11 Oktober, met die eisers in aanhouding, het plaasgevind in oorleg met die eisers se regsverteenwoordigers en by ooreenkoms met hulle. Aan die hand daarvan het die hof sy diskresie uitgeoefen. Die aanhouding na 4 Oktober het ook plaasgevind in terme van 'n besluit deur die Nasionale Vervolgingsgesag, soos verteenwoordig deur aanklaer Venter, vir die redes wat sy genoem het. Sy het ook haar besluit geneem, soos sy getuig het, in oorleg met die ondersoek span en met senior aanklaer Mavundla. Mahlangu, as verteenwoordiger van die verweerder, het niks met hierdie besluit te doen gehad nie kragtens sy onbetwiste getuienis.

[137] Dieselfde opmerkings geld ten opsigte van die aanhouding tussen 11 Oktober en Vrydag 15 Oktober toe hierdie eisers op hulle eie verantwoordelikheid vrygelaat is.

[138] Vir hierdie redes, kan daar geen meriete wees, na my mening, in 'n eis om skadevergoeding deur hierdie eisers ten opsigte van hierdie betrokke tydperk van aanhouding nie.

<u>Die aanhouding van Ratte tot 1 November 2010</u>

[139] Dieselfde opmerkings as dié wat van toepassing is op die tweede tot vyfde eisers, is ook van toepassing op Ratte, behalwe dat hy van die begin af sy reg op borgtog laat vaar het. Wat betref die aanhouding tot 15 Oktober, is daar dus, vir die redes wat

genoem is ten opsigte van eisers twee tot vyf, en ook vir die laasgenoemde rede, geen meriete in enige eis om skadevergoeding deur Ratte nie.

[140] Wat betref sy aanhouding tot 1 November 2010, het hy net homself te blameer omdat hy nie wou vra vir borg nie. Hy het uiteindelik ingewillig, op advies van sy regsverteenwoordigers, om aansoek te doen vir borg op 'n onbestrede basis en is op 1 November vir daardie rede vrygelaat. Daar is dus nie meriete in 'n eis vir skadevergoeding teen hierdie betrokke verweerder vir Ratte se aanhouding tot 1 November 2010 nie.

Gevolgtrekking

[141] Vir al die redes wat genoem is, het ek tot die gevolgtrekking geraak dat geen van die eise wat die vyf eisers ingestel het op grond van beweerde onwettige arrestasie en aanhouding bewys is nie. Hierdie eise kan dus nie slaag nie.

[142] Daar is ook eise vir algemene en spesiale skadevergoeding ten opsigte van beweerde kwaadwillige vervolging deur Mahlangu en/of ander lede van die polisie.

Daar word gepleit dat Mahlangu en andere die strafregtelike vervolging van die eisers aangestig het deur te beweer dat die eisers onwettig in besit was van sekere vuurwapens en ammunisie by die koshuis.

[143] Die onbetwiste getuienis van Mahlangu was dat hy die dossier aan die Georganiseerde Misdaad eenheid oorhandig het, en in die loop van die naweek het aanklaer Venter dit ontvang. In haar indrukwekkende getuienis het sy verduidelik presies hoe sy te werk

gegaan het om tot die slotsom te geraak dat daar 'n *prima facie* saak was en dat vervolging moes geskied. Haar onbetwiste getuienis was dat sy nie deur enigiemand voorgesê is of beïnvloed is om hierdie besluit te neem nie. Sy het ook deeglik gekonsulteer met die ondersoekspan en met Mavundla. Msiza, die ondersoekbeampte, het ook die dossier bestudeer en 'n ontmoeting gehad met aanklaers Venter en Mavundla. Hy was glad nie betrokke by die klopjag nie. Die onbetwiste getuienis is dat geeneen van die polisielede 'n rol gespeel het by die besluit van die aanklaers om te vervolg nie. Daar is geen getuienis dat polisielede, soos gepleit, "onregmatig versuim het om voldoende stappe te neem om die aanklaer wat in die hofverrigtinge waarin die eisers verskyn het in te lig van feite wat die aanhouding van die eisers ongeregverdig gemaak het nie ..."

Die onbetwiste getuienis van Mahlangu was dat hy geen spesiale agenda gehad het om hierdie eisers te vervolg nie. Hy het nie een van hulle geken voor 30 September 2010 nie. Msiza het gekonsentreer op die ondersoek werk en 'n brief van die verdediging ontvang waarin hy geloof word vir sy objektiewe en professionele benadering tot die ondersoek.

[144] Die vereistes waaraan 'n eiser moet voldoen om te slaag met 'n eis vir skadevergoeding op grond van beweerde kwaadwillige vervolging, is soos volg beskryf in *Minister for Justice and Constitutional Development v Moleko* [2008] 3 All SA 47 (HHA) op 50d-f:

> "In order to succeed (on the merits) with a claim for malicious prosecution, a claimant must allege and prove –

(a) that the defendants set the law in motion (instigated or instituted the proceedings);

(b) that the defendants acted without reasonable and probable cause;

(c) that the defendants acted with 'malice' (or *animo injuriandi*); and

(d) that the prosecution has failed ..."

Wat die eerste drie vereistes betref, is daar na my mening geen getuienis aangebied om hierdie vereistes te ondersteun nie, sodat die eis vir kwaadwillige vervolging nie kan slaag nie. Wat die vierde vereiste betref, het ek reeds die mening uitgespreek dat die vervolging van hierdie eisers, streng gesproke, nie "misluk" het nie, al is dit so gepleit en erken op die pleitstukke. Die oorwig van die getuienis toon dat die staat gereed was om op verhoor te gaan teen hierdie eisers en, na vertoë, die klagtes laat vaar het toe van die ander aangehoudenes skuldig gepleit het. Ek hoef nie verder oor hierdie vereiste uit te wei nie.

[145] Vir al hierdie redes, is daar na my mening geen ruimte om enige van die eise te handhaaf nie.

<u>Die koste</u>

[146] Na deeglike oorweging, het ek tot die gevolgtrekking geraak dat hierdie 'n gepaste geval is om af te wyk van die geykte benadering dat die onsuksesvolle party die koste behoort te betaal. Die moontlikheid om so af te wyk het ek ook met die advokate bespreek tydens die verrigtinge voor my.

[147] Die redes waarom ek besluit het om af te wyk van die geykte benadering, het net te doen met die ietwat unieke omstandighede van hierdie besondere saak. Dit word geensins voorgehou as 'n gepaste benadering vir ander, miskien soortgelyke, sake nie. Die redes is die volgende:

Op die beskikbare getuienis wat voor my aangebied is, is nie een van die eisers verbind aan die onwettige besit van 'n besondere vuurwapen of ammunisie nie. Nie een van hulle is ook verhoor en skuldig bevind nie. Die klagtes teen hulle is laat vaar, onder die omstandighede wat ek beskryf het. Vir doeleindes van hierdie redenasie, is die eisers dus almal "onskuldig" maar het in die klopjag beland en is gearresteer vir redes wat ek bevind het wettig was. Hulle is binne 'n redelike tyd vrygelaat soos ek beskryf het. Hulle het hulself in die koshuis bevind saam met die ware oortreders, "die ander vyf", soos ek beskryf het (met die moontlike uitsondering van Senekal). Die ware oortreders is skuldig bevind en gevonnis. Hierby sluit ek Schoeman in wat, soos ek dit verstaan het, kragtens die Kinderwet hanteer is.

Die eisers, met die uitsondering van Ratte, is relatiewe jeugdiges en, in die algemeen gesproke, nie vermoënde mense nie. Op die beskikbare getuienis was hulle vir wettige redes by die koshuis tydens die klopjag naamlik om hulle sweis-opleiding te ondergaan en/of om te help met die bouwerk aan die gastehuis. Ratte was daar in sy hoedanigheid as bestuurder van die projek. In 'n sin kan dit gesê word dat die eisers op die verkeerde tyd op die verkeerde plek was. Ek bemoei my slegs met die getuienis wat aangebied is, en laat my nie uit oor die vraag of die eisers, of van hulle, moontlik skuldig was aan enige oortreding nie.

Op die waarskynlikhede het die eisers, met die moontlike uitsondering van Ratte, nie die volle implikasies van hierdie litigasie besef toe hulle hulle daarvoor ingelaat het nie. Dit het uiteindelik uitgeloop op 'n verhoor van tien dae. Die eisers het waarskynlik gegrief gevoel oor wat met hulle gebeur het.

Aan die ander kant, is die verweerder ook nie in die posisie van 'n litigant uit die privaat sektor nie. 'n Beduidende deel van sy koste bestaan uit die salarisse van regsverteenwoordigers wat in elk geval, bv as lede van die Staatsprokureur se kantoor, die salarisse sou ontvang. Die advokate wat vir die verweerder opgetree het, wat, soos ek dit verstaan, in die privaat praktyk is, sal betaal kan word uit die staatskas en nie bv uit die persoonlike rekening van 'n privaat litigant nie.

Vir al hierdie redes het ek besluit dat geregtigheid, in hierdie besondere en unieke geval, ten beste gedien kan word deur elke party te gelas om sy eie koste te betaal.

Die bevel

[148] Ek maak die volgende bevel:

(1) Al die eise van al die Eisers word van die hand gewys.

(2) Elke party word gelas om sy eie koste te betaal.

W R C PRINSLOO
REGTER VAN DIE GAUTENG AFDELING, PRETORIA

1282-2013

GEHOOR OP: 8 – 19 SEPTEMBER 2014
VIR DIE EISERS: J J S PRINSLOO SC
IN OPDRAG VAN: DE KLERK & MARAIS INGELYF
VIR DIE VERWEERDER: S J COETZEE BYGESTAAN DEUR M BOTMA
IN OPDRAG VAN: STAATSPROKUREUR